



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor die Bestuur van Intellektuele Eiendomsreg by die NWU

Verwysingsnommer	1P/1.1.10
Aanspreeklike uitvoerende bestuurder	Adjunk-Visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
Eienaar van beleid	Intellektuele eiendomsreg en kontrakbestuurder
Verantwoordelike afdeling	Tegnologie-oordrag en innovasiesteun
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	Eerste keer op 10 Junie 2010 deur die Raad goedgekeur en weer op 15 Junie 2012 goedgekeur
Wysigings	Gemaak na NIPMO goedkeuring
Datum van wysigings	Mei 2012. Tegniiese versorging gedoen in 2014.
Hersieningsdatum	2015
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres op die beleid se databasis	RMA SHARE NWU Home/User Homes 2. Management/2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\1P/1.1.10-IP_a.docm

Beleid oor die bestuur van intellektuele eiendomsreg by die NWU

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid oor die bestuur van intellektuele eiendom op 15 Junie 2012 by die Noordwes-Universiteit aanvaar.

2 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die Noordwes-Universiteit om die eienaarskap, verspreiding en kommersiële benutting van intellektuele eiendom wat deur personeel, studente en ander betrokke partye by die Noordwes-Universiteit (hierna "die Universiteit") ontwikkel word, te hanteer. Die Universiteit neem kennis van die *Intellectual Property Rights for Publicly Funded Research and Development Act*, 51 van 2008, in soverre as wat die bepalinge daarvan op die Universiteit van toepassing is, asook van alle ander tersaaklike wetgewing, en spreek die voorneme uit om dit na te kom in dié mate wat dit redelikerwys wetlik vereis word. Die beleid is op al die kampusse van die Universiteit, alle tydelike en permanente werknemers op die personeelsamestelling van die Universiteit, op kontrakwerkers van die Universiteit, en op alle geregistreerde studente van die Universiteit van toepassing.

3 Konteks

Die NWU se Institusionele Plan¹ verskaf strategiese riglyne vir die implementering van kundigheid.

Saam met nasionale belanghebbers, veral die regering, die sake- en arbeid-, asook die naskoolse onderwyssektor, moet universiteite broodnodige onderwys en opleiding verskaf en terselfdertyd katalisators wees vir die skepping van werk, die aanvoer van ontwikkeling en verligting van armoede, en ondersteuning van Suid-Afrika in die wêreldwye kennisekonomie.

Om die Universiteit in staat te stel om aan hierdie ondernemings te voldoen vir die optimale beskerming en wedersydse voordeel van alle partye, poog hierdie aangehegte reëls en riglyne om die bestaande beleid te konsolideer en die manier te stipuleer waarop intellektuele eiendom wat in die Universiteitsomgewing ontstaan, hanteer moet word, en veral:

1. die hantering van eienaarskap van intellektuele eiendom en die benutting daarvan in Deel 2, 3 en 4 van hierdie dokument;
2. die uiteensetting in Deel 5 oor die manier waarop die Universiteit daarna streef om te verseker dat uitvindings en skrywers wat personeel en studente aan die Universiteit is 'n billike deel ontvang van die netto inkomste van die kommersialisering van sodanige intellektuele eiendom; en
3. die hantering in Deel 6 van die kwessie van die akkommodering van inheemse kennis as deel van intellektuele eiendom.

4 Definisies

'n Uitgebreide woordelys word aan die einde van die reëls en riglyne aangeheg.

5 Reëls en riglyne

Sien die aangehegte dokument onder die opskrif: "Reëls en riglyne vir die bestuur van intellektuele eiendom by die Noordwes-Universiteit, 2010".

6 Prosedures

Prosedures moet kasuïsties ontwikkel en op 'n gereelde basis hersien word, maar ten minste een keer per jaar.

¹ Noordwes-Universiteit: Institusionele Plan 2011 – 2013



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Reëls en riglyne vir die bestuur van intellektuele eiendom by die NWU

2010

Inhoudsopgawe

Reëls en riglyne vir die bestuur van intellektuele eiendom by die NWU

Erkennings	1
Bestuursopsomming	2
1 Deel 1: NWU-riglyne oor die bestuur van intellektuele eiendom	8
1.1 Inleiding	8
1.2 Algemene beleidsverklaring	8
1.3 Konteks	8
1.4 Uitvindings	10
1.5 Kommersialisering.....	11
1.6 Kontraknavorsing	11
1.7 Biodiversiteit	11
1.8 Kortkursusse	11
1.9 Geskille	12
2 Deel 2: Eienaarskap van intellektuele eiendom	12
2.1 Personeel	12
2.1.1 Algemeen	12
2.1.2 Spesifieke bepalings ten opsigte van outeursreg	12
2.1.3 Spesifieke bepalings ten opsigte van uitvindings, kundigheid en handelsgeheime	14
2.1.4 Personeel wat by of vir buite-organisasies kontraknavorsing doen	14
2.1.5 Konsultasiewerk wat deur personeel onderneem word	15
2.1.6 Intellektuele eiendom wat by personeel berus.....	15
2.1.7 Kontrakwerkers	15
2.1.8 Gesamentlike personeel	16
2.1.9 Sagteware	16
2.2 studente	16
2.2.1 Algemeen	16
2.2.2 Spesifieke bepalings ten opsigte van outeursreg	16
2.2.3 Buite-organisasies wat beurse verskaf	17
2.2.4 Intellektuele eiendom wat by studente berus	17
2.2.5 Kommersiële benutting van intellektuele eiendom wat by studente berus	17
2.3 Besoekende dosente en navorsers (insluitend nadoktorale navorsers)	17
2.4 Buite-organisasies, befonders en die regering	18
2.5 Inkrementele bydraes tot intellektuele eiendom	19
2.6 Handelsmerke van die Universiteit	20
3 Deel 3: Beskerming van intellektuele eiendom deur lisensiëring	20
3.1 Registreerbare uitvindings (insluitend patente, ontwerpe en planttelersregte)	20
3.2 Identifikasie van intellektuele eiendom	21
3.3 TOIS-kantoor dienste in IP	21

3.4	Openbaarmaking van intellektuele eiendom.....	22
3.5	Reg om te publiseer.....	22
3.6	Registrasie van patente, ontwerpe en planttelersregte	23
3.7	Die adviespaneel vir intellektuele eiendom.....	24
3.8	Sagteware	24
4	Deel 4: Benutting van kennisbasis	25
4.1	Implementering van kundigheid deur newemaatskappye.....	25
4.2	Ooreenkomste	26
4.2.1	Konsortium, samewerking en navorsing.....	27
4.2.2	Vertroulikheidsooreenkomste (nie-openbaarmakingsooreenkomste – NDA's).....	27
4.2.3	Materiaaloordragooreenkoms.....	27
4.2.4	Konsultasie-ooreenkomste	27
4.2.5	Kontrakte wat tradisionele kennis en inheemse kennisstelsels behels	27
4.2.6	Lisensiëringsooreenkomste	28
4.2.7	Aandeelhouersooreenkomste	28
4.3	Botsing van belange.....	28
4.3.1	Die volgende beginsels vorm die grondslag van die beleid:.....	28
4.3.2	Beleid ten opsigte van botsing van belange:	28
5	Deel 5: Verdeling van fondse uit die kommersialisering van intellektuele eiendom.....	28
6	Deel 6: Inheemse kennisstelsels	30
6.1	Inleiding	30
7	Deel 7: Aanhangsels.....	31
7.1	AANHANGSEL A: Woordelys	31
7.2	AANHANGSEL B: Bronnelys	40

Reëls en riglyne vir die bestuur van intellektuele eiendom by die NWU

Erkennings

Ons wil graag ons waardering betuig vir die inisiatief en leiding wat ontvang is van die Adkunkvisiekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie vir die opdrag rakende hierdie werk.

Ons dank gaan veral aan die Direkteur: Innovasie vir sy groot rol in die vormgewing aan en proeflees van hierdie dokument vir konsekwenheid en duidelikheid.

Ons bedank almal wat bygedra het vir hulle waardevolle insette en tyd wat dit geneem het om dit deur te gee.

Ons wil in besonder erkenning gee aan die Universiteit Stellenbosch, wat hulle vriendelike toestemming gegee het dat ons die formaat van hulle beleid kan gebruik en om groot dele daarvan onveranderd te gebruik.

Ons erken ook die bydrae van die MNR, wat ons toelaat om sekere dele van hulle beleidsdokument te gebruik, veral om ons woordelys uit te brei.

Ons waardeer al die bronne wat ons ons kon ondersoek.

Bestuursopsomming

DEEL 1: NWU-RIGLYNE OOR DIE BESTUUR VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

Hierdie dokument hanteer die eienaarskap, verspreiding en kommersiële benutting van intellektuele eiendom wat deur personeel, studente en ander partye betrokke by die Noordwes-Universiteit ontwikkel is.

Die Universiteit neem kennis van die *Intellectual Property Rights from Publicly Financed Research and Development Act*, 51 van 2008, in soverre as wat die bepalings daarvan op die Universiteit van toepassing is, asook van alle ander tersaaklike wetgewing, en spreek die voorneme uit om dit na te kom in die mate wat dit regtens redelikerwys vereis word.

Saam met nasionale belanghebbers, veral die regering, die sake- en arbeid-, asook die naskoolse onderwyssektor, moet universiteite broodnodige onderwys en opleiding verskaf en terselfdertyd katalisators wees vir die skepping van werk, die aanvoer van ontwikkeling, die verligting van armoede, en ondersteuning van Suid-Afrika in die wêreldwye kenniseconomie.

Universiteite moet sleutelrolspelers en strategiese differensieerders wees in die voorbereiding en ondersteuning van 'n land om sy regmatige plek in die wêreldwye kenniseconomie te vind.

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word en ons kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer. Missie-element 4 streef daarna om die implementering van kundigheid, kommersieel asook gemeenskapsgerig, uit te brei. Hierdie riglyne poog om die bestaande beleid te konsolideer en die manier te bepaal waarop intellektuele eiendom wat in die Universiteitsomgewing ontstaan, hanteer moet word.

Die Universiteit onderneem om binne die raamwerk van Deel 3 van hierdie riglyne prosedures te bepaal rakende uitvindings deur personeel of studente aan die Universiteit.

Die Universiteit onderneem om binne die raamwerk van Deel 4 van hierdie riglyne prosedures te bepaal rakende konsepte, planne en idees met besigheidspotensiaal wat deur personeellede of studente onder die aandag van die Universiteit gebring kan word.

In die geval van navorsing en ontwikkeling wat in samewerking met ander organisasies onderneem word, onderneem die Universiteit om prosedures daar te stel wat daarop gemik is om te verseker dat die belange van die Universiteit en sy personeel en studente ten opsigte van intellektuele eiendom ten volle beskerm is wanneer kontrakte met sodanige ander organisasies gesluit word.

Die Universiteit onderneem om ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (*National Environmental Management: Biodiversity Act*, 10/2004) tydens onderhandelings waar biodiversiteit op die Universiteit se intellektuele eiendom betrekking het, die beskerming van Suid-Afrika se inheemse biodiversiteit in ag te neem.

Die Universiteit maak aanspraak op die outeursreg van die kursusmateriaal van kortkursusse.

Enige geskil rakende die interpretasie of toepassing van hierdie riglyne moet hanteer word binne die raamwerk van die Universiteit se prosedures wat gewoonlik van krag is.

DEEL 2: EIENAARSKAP VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

Daar is verskillende kategorieë individue wat direk of indirek by die Universiteit betrokke is en wat 'n belang by die eienaarskap van intellektuele eiendom kan hê.

Eienaarskap van intellektuele eiendom wat in die normale verloop en omvang van hulle pligte deur personeel geskep word, gaan regtens op die Universiteit oor.

Die eienaarskap van alle outeursregte van werknemers van die Universiteit ten opsigte van werk wat in die normale verloop en omvang van hulle pligte, of in spesifieke opdrag van die Universiteit, deur hulle geskep is, gaan ingevolge artikel 21(1)(d) van die Wet op Outeursreg op die Universiteit oor.

Deur sy Tegnologieoordrag en Innovasiesteunkantoor kan die Universiteit in sekere gevalle besluit om eienaarskap van die volle of 'n gedeelte van die outeursreg aan die personeellid oor te dra, of kan hom of haar magtig om die werk kommersieel of andersins te benut.

Die Universiteit maak nie aanspraak op die eienaarskap van enige regte (insluitend morele regte) en inkomste wat betrekking het op vier kategorieë outeursregte, naamlik kunswerke (byvoorbeeld skilderye), literêre werke (byvoorbeeld digbundels), handboeke en musiekwerke (komposisies), nie, selfs indien die betrokke werk binne die omvang van die personeellid se pligte val.

Alle regte op, belange by en titels op enige uitvinding, handelsgeheim en kennis, hetsy patenteerbaar of registreerbaar as 'n model of planttelersreg of nie, wat in die normale verloop en omvang van hulle aanstelling by die Universiteit deur 'n werknemer van die Universiteit geskep word, gaan regtens op die Universiteit oor, en in sover as wat dit nie regtens oorgaan nie, dra die werknemer sulke regte en belange aan die Universiteit oor.

Alle uitvindings, kundigheid en handelsgeheime wat deur 'n personeellid ontwikkel word (insluitend nauurse werk op die gebied van kundigheid van die universiteit) word geag in die normale verloop en omvang van sy/haar aanstelling by die Universiteit en binne die kundigheidsveld van die Universiteit ontwikkel te wees, tensy die personeellid die teendeel op grond van 'n ooreenkoms of soortgelyke bewysmateriaal kan bewys.

Kontraknavorsing word geag binne die normale verloop en omvang van die personeellid se aanstelling te wees en die intellektuele eiendom wat as gevolg van sodanige kontraknavorsing geskep word, sal op die Universiteit oorgaan.

Die produk van konsultasiewerk, hetsy 'n verslag, 'n opinie, of enige ander vorm van produk of diens, mag deur 'n personeellid van die Universiteit aan 'n buite-organisasie gelewer word, met inbegrip van die outeursreg op die produk, mits die lynhoof van die personeellid sodanige aktiwiteit goedgekeur het, en die nodige reëlins rakende die verwante koste van sodanige produk of diens binne die beleid van die Universiteit aan die Universiteit betaal word. Die verhouding tussen die Universiteit en kontrakwerkers of nadoktorale aanstellings word bepaal deur 'n voorafgaande skriftelike kontrak wat voorsiening maak vir onder andere die volgende:

- oormaking van intellektuele eiendomsregte;
- vrywaring; en
- afstanddoening van morele regte in die geval van outeursreg.

By gebrek aan toepaslike ooreenkomste rakende intellektuele eiendomsregte wat tussen die partye ooreengekom is, is die verstekooreenkoms dat al sulke IE op die Universiteit oorgaan.

Sagteware wat deur werknemers, kontrakwerkers en studente ontwikkel word, is onderhewig aan hierdie riglyne, en die bepalings van paragraaf 2.1.2, 2.1.7 en 2.2.2 is in dieselfde mate op sagteware van toepassing. Dokumente wat die ontwikkeling en werking van ontwikkelde sagtewarepakkette ondersteun, moet deur ontwikkelaars behou word en op versoek aan die Universiteit afgestaan word. Nuwe sagteware-ontwikkeling en vordering daarmee moet aan die Universiteit bekendgemaak word, soos ook vir alle ander intellektuele eiendom geld.

Die Universiteit sal nie aanspraak maak op eienaarskap van oopbronsagteware nie. Daar word egter van werknemers, kontrakwerkers en studente vereis om hulle voorneme om oopbronsagteware te skep of aan die skepping daarvan deel te neem aan die TOIS-kantoor bekend te maak.

Hoewel studente nie normaalweg personeellede van die Universiteit is nie, maak hulle van die Universiteit se infrastruktuur gebruik, doen hulle werk by die Universiteit in die loop van hulle studies ten einde 'n universiteitskwalifikasie te verwerf, en hulle werk word deur personeellede van die Universiteit gesteun en gelei. Studente moet enige intellektuele eiendom wat uit hoofde van die uitvoering van hulle studieverpligtinge by hulle berus aan die Universiteit oormak. Sodanige oormaking vind tydens die registrasieproses plaas.

Buite-organisasies wat beurse aan studente verskaf, moet vooraf kontraktueel met die Universiteit ooreenkom oor die eienaarskap van intellektuele eiendom wat uit die student se studies aan die Universiteit kan voortspruit.

Indien 'n student voornemens is om 'n werkopdrag of verhandeling (vir 'n meestersgraad) of 'n tesis (vir 'n doktorsgraad) in te dien wat in wese by 'n opdrag van hulle werkgewer aansluit, moet sodanige student met registrasie of so spoedig moontlik nadat hulle bewus geword het van die werkgewer se opdrag hulle voorneme aan die Universiteit en hulle werkgewer bekendmaak. Die Universiteit en die student se werkgewer moet dan onderhandel oor eienaarskap van outeursreg en vertroulikheid wat met die student se opdrag/verhandeling/tesis verband hou.

Die Universiteit maak slegs aanspraak op intellektuele eiendom van besoekende dosente of navorsers wat tydens hulle besoek aan die Universiteit geskep of begin is. Enige ander verdeling van sodanige intellektuele eiendomsregte moet vooraf skriftelik met die Universiteit ooreengekom word. Die vestiging van intellektuele eiendomsregte word regtens bepaal, deur die intellektuele bydrae wat gemaak is met die skepping van die intellektuele eiendom, en deur die finansiële bydrae wat dit moontlik gemaak het.

Waar 'n personeellid of student van die Universiteit 'n opdrag van 'n buite-organisasie ontvang om 'n studie uit te voer waar bestaande intellektuele eiendom wat aan sodanige buite-organisasie behoort verder ontwikkel moet word, of waar 'n probleem wat daarmee verband hou, opgelos moet word, sal die Universiteit se regte beperk wees tot die inkrementele toegevoegde intellektuele waarde van die ondersoek of navorsing en enige patente, ontwerpe en outeursregte wat as gevolg van sodanige navorsing kan ontstaan.

Die Universiteit is die eienaar van verskillende geregistreerde en ongeregistreerde handelsmerke en behou dus al sy regte voor met betrekking tot enige merke wat sy naam, wapen, afkorting of soortgelyke aanduidings insluit, of wat andersins 'n assosiasie met die Universiteit aandui. Die gebruik van sodanige handelsmerke deur personeel of studente in die loop van hulle pligte of studies moet die toepaslike regulasies nakom (byvoorbeeld met betrekking tot briefhoofde) soos dit deur die Universiteit neergelê is.

DEEL 3: BESKERMING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM DEUR LISENSIËRING

'n Registreerbare uitvinding is enige produk, proses, metode, toestel of komposisie, of 'n verbetering aan 'n bestaande produk, proses, metode of toestel wat redelikerwys as nuut en vindingryk (behels 'n uitvindingstap) beskou kan word, en wat in die bedryf, landbou of handel aangewend kan word.

In die geval van 'n patent en 'n planttelersreg is die uitvinder verplig om te alle tye te verseker dat die uitvinding vertroulik gehou word, aangesien publikasie of openbare gebruik daarvan die moontlikhede vir 'n patent, modelregistrasie of beskerming van 'n planttelersreg kan vernietig – die nuwigheidsvereiste is geskaad indien dit gebeur.

Alle ontdekkings moet binne 90 dae na die ontdekking by die TOIS-kantoor gerapporteer word en die TOIS-kantoor moet alle openbaarmakings tweejaarliks aan NIPMO rapporteer. Die Universiteit het 'n regsverpligting om ontdekkings deur die TOIS-kantoor en in vennootskap met die uitvinder(s) tot voordeel van die Universiteit, sy studente en personeel te benut.

Die TOIS-kantoor bied 'n reeks dienste met betrekking tot die benutting van uitvindings, plantvariëteite, ontwerpe, sakekonsepte en ander intellektuele eiendom wat deur die personeel en studente ontwikkel is. Daar word van die betrokke personelede en/of studente verwag en hulle word aangemoedig om by die kommersialiseringsproses betrokke te wees.

Sou die Universiteit na sy alleengoedduke besluit om nie die betrokke intellektuele eiendom te besit nie, moet daar voldoen word aan die proses soos dit in die Wetsontwerp op Intellektuele Eiendom beskryf word. Indien NIPMO weier om die IE self te benut, staan dit die betrokke student of personeellid vry om self met die benutting daarvan voort te gaan. Die TOIS-kantoor kan besluit om so 'n persoon teen 'n markverwante tarief hiermee te help.

Ingevolge die nuwe wetgewing moet openbaarmakings binne 90 dae gemaak word en die Universiteit is verplig om die openbaarmakings aan NIPMO te rapporteer. Die TOIS-kantoor is verantwoordelik om hierdie taak namens die personeel uit te voer. Daar word van personeel verwag om met die TOIS-kantoor saam te werk om sodoende aan die bepalings van die toepaslike wetgewing te voldoen. Daar word van personeel verwag om binne 30 dae na die ontdekking openbaarmakings aan die TOIS-kantoor te doen.

In gevalle waar navorsingsmateriaal met kommersiële potensiaal betrokke is, moet toepaslike stappe gedoen word om die inligting voor publikasie te evalueer en beskerm. Advies moet deur die TOIS-kantoor ingewin word om voortydige openbaarmaking te vermy wat sal voorkom dat enige patentbeskerming verkry kan word. Die TOIS-kantoor gebruik internasionaal-aanvaarde patentstrategieë wat die balansering van die belegging in die beskerming van intellektuele eiendom met die potensiese mark vir die produk behels. Dit vereis noukeurige oorweging van die kommersiële potensiaal van IE voordat daar in patentkoste belê word, en verseker dat die NWU nie op die ou end 'n groot portefeulje patente sonder potensiese lisensiehouers het nie. Die strategie van die TOIS-kantoor is dus om goedkoop voorlopige patente in te dien en, waar enigsins moontlik, hulle te weerhou van duur indienings, buiten waar 'n potensiese lisensiehouer belangstelling uitgespreek het om 'n lisensie te verkry.

Geskille word na die IE se adviespaneel verwys. Die Adkunkvisiekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie stel die adviespaneel aan om:

- bykomende insette en advies oor IE-verwante sake te verskaf,

- 'n breër deelname en medebepaling van innovasieskwessies regoor die Universiteit te vestig,
- advies te verskaf oor die prosedure wat gevolg moet word om enige geskille wat met die toepassing van hierdie beleid en ander IE-verwante besluite kan ontstaan, te besleg,
- met tussenposes vir die doeleindes van beleidshersiening strategiese aanbevelings rakende die bestuur en benutting van NWU-IE aan die Universiteit te maak.

Korttermyn, relatief laekoste verpligtings soos voorlopige patentaansoeke in die afwesigheid van geskille word nie na Intellektuele Eiendom se adviespaneel verwys nie. Enige geskille word vir 'n finale besluit na die betrokke Uitvoerende Direkteur verwys.

Werknemers en kontrakwerkers word verbied om 'n kopie van enige sagteware, insluitend alle meegaande ontwikkelingsmateriaal, hetsy geskrewe, elektronies of in enige ander formaat, wat in die normale verloop en bestek van hulle pligte aan die Universiteit deur hulle ontwikkel is, met die verstryking of beëindiging van hulle kontrak of aanstelling by die Universiteit te gebruik, versprei, reproduseer, verwyder of saam te neem, tensy sodanige gebruik uitdruklik deur die Universiteit gemagtig is.

Personeellede en studente moet nuwe sagteware wat hulle ontwikkel op die vloekaartstadium aan die TOIS-kantoor verklaar, aangesien dit belangrik is om betyds al die moontlike intellektuele eiendomsregte wat uit sodanige sagteware kan voortvloei, te identifiseer sodat hierdie regte doeltreffend beskerm kan word.

DEEL 4: BENUTTING VAN KENNISBASIS

In Julie 2008 is 'n beleid oor die implementering van kundigheid en kommersialisering aan die NWU aanvaar.

Die Universiteit kan in oorleg met die uitvinder of entrepreneur en/of lynbestuurder na sy alleengoedduke besluit om intellektuele eiendom deur middel van opdragte, lisensiëring, strategiese vennootskappe, die daarstelling van nuwe-ondernemings of enige ander toepaslike middele te benut.

Die TOIS-kantoor speel primêr 'n ontwikkelingsrol binne die Universiteit en sal nie noodwendig in 'n onderneming belê nie, hoewel die moontlikheid nie uitgesluit kan word nie. Beleggings moet op 'n streng sakegrondslag deur die Institusionele Bestuur uitgevoer word, met inagneming van 'n sakeplan en alle ander relevante inligting.

Die NWU is 'n regsentiteit en die gesag om ooreenkomste namens hom te onderteken, word deur 'n beleidsbylae: Magtigingsvlakke (tekenmagtiging), gedateer 16 Maart 2007, beperk en bepaal.

Dit is die verantwoordelikheid van lede van die NWU om van IE-klousules van navorsings-, samewerkings- en konsortiumkontrakte bewus te wees, en om te verseker dat die bepalings van sodanige ooreenkomste met derde partye nie met die bepalings in hierdie riglyne bots nie.

Dit is die verantwoordelikheid van lede van die NWU om te verseker dat 'n getekende NDA in plek is sou dit nodig wees om handelskeppings of -ontdekkings met derde partye te bespreek.

Dit is die verantwoordelikheid van die skeppers van IE om die navorsingsdirekteur of ekwivalent van enige voorgenome oordrag van NWU-materiaal na óf kommersiële óf niekommersiële ondernemings in te lig.

Werknemers van die NWU word nie toegelaat om ooreenkomste wat met eksterne werk verband hou, soos konsultasie-ooreenkomste, aan te gaan sonder bevestigende kennisgewing aan die voornemende

werkgewer dat die intellektuele eiendomsregte van die NWU nie aan 'n derdepartykonsultasie- of diensooreenkoms ondergeskik gestel kan word nie.

Alle kontrakte wat met die navorsing, gebruik en toepassing van tradisionele kennis en tradisionele tegnologieë verband hou, moet in oorleg met die NWU se Etiekkomitee hersien en goedgekeur word.

Lisensiëringsooreenkomste word gebruik om óf eksklusiewe of nie-eksklusiewe regte aan die kontrakterende partye te verleen om 'n ontdekking na te vors en/of te kommersialiseer. Slegs gemagtigde individue mag namens die Universiteit teken sodra die TOIS-kantoor verseker het dat die kontraktuele prosedures nagekom is.

Wanneer die Universiteit ook al eienaarsbelang in 'n newemaatskappy of enige ander onderneming het, moet die Universiteit met 'n behoorlik onderhandelde en ooreengekome skriftelike aandeelhouersooreenkoms beskerm word.

Werknemers moet nie in 'n posisie wees om kommersiële besluite van die NWU of sy verwante of filiaalmaatskappye op so 'n wyse te beïnvloed dat dit tot verminderde inkomste vir die instelling of sy maatskappye kan lei nie.

DEEL 5: VERDELING VAN FONDSE VAN DIE KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

Die TOIS-kantoor moet 'n rekord hou van elke kontraktuele ooreenkoms oor intellektuele eiendom wat tantième of dividendinkomste genereer. Verdienste uit die kommersialisering van intellektuele eiendom sal verdeel word in ooreenstemming met die nuwe kriteria soos regtens vereis.

DEEL 6: INHEEMSE KENNISSTELSLS

Die Universiteit het 'n IKS Sentrum van Uitnemendheid op sy Mafikengkampus en deur die werk van hierdie sentrum wil die Universiteit sy pogings met die Nasionale Beleid oor Inheemse Kennis, 2004, belyn.

Vir inheemse kennis om tot die omsetting van kennis in rykdom by te dra en armoede uit te wis, moet dit beskerm word deur 'n inklusiewe IER-beleid en wetlike raamwerk wat al die IKS-imperatiewe in ag neem.

Instellings van leer en navorsing wat betrokke is by die bevordering van IKS, soos die Noordwes-Universiteit, moet verseker dat hulle IER-beleide ooreenstem met internasionale en streeksbeleide, wetlike raamwerke, praktyke en debatte, insluitend dié van die WIPO, WTO, ARIPO en ORAPI tot PIPER.

DEEL 7: BYLAES

'n Omvattende woordelys en bibliografie word as bylae "A" en "B" aangeheg.

1 Deel 1: NWU-riglyne oor die bestuur van intellektuele eiendom

1.1 Inleiding

Hierdie dokument hanteer die eienaarskap, verspreiding en kommersiële benutting van intellektuele eiendom wat deur personeel, studente en ander partye betrokke by die Noordwes-Universiteit (hierna “die Universiteit”) ontwikkel is. Die riglyne wat in hierdie dokument vervat is, is op al die kampusse van die Universiteit, alle tydelike en permanente werknemers op die personeelsamestelling van die Universiteit, op kontrakwerkers van die Universiteit, en op alle geregistreerde studente van die Universiteit van toepassing. In hierdie dokument word werknemers en kontrakwerkers van die Universiteit gesamentlik die “personeel” van die Universiteit genoem.

1.2 Algemene beleidsverklaring

Die Universiteit neem kennis van die *Intellectual Property Rights from Publicly Financed Research and Development Act*, 51 van 2008, in soverre as wat die bepalinge daarvan op die Universiteit van toepassing is, asook van alle ander tersaaklike wetgewing, en spreek die voorneme uit om dit na te kom in die mate wat dit redelikerwys regtens vereis word.

1.3 Konteks

Die NWU se Institusionele Plan² verskaf strategiese riglyne vir die implementering van kundigheid: Universiteite is nasionale bates en het ’n roeping om kennis en die openbaring wat in die skepping en die Skrif vervat is, te bestudeer en ondersoek, en om die land en sy mense te dien. Die land se geprioritiseerde nasionale ontwikkelingsdoelstellings sluit in aandag aan die posisie van die miljoene Suid-Afrikaners wat in armoede leef, en min of geen toegang tot basiese dienste, werk, vaardigheidsontwikkeling, behuising en onderwys het nie.

Saam met nasionale belanghebbers, veral die regering, die sake- en arbeid-, asook die naskoolse onderwyssektor, moet universiteite broodnodige onderwys en opleiding verskaf en terselfdertyd katalisators wees vir die skepping van werk, die aanvoer van ontwikkeling om armoede te verlig en Suid-Afrika in die wêreldwye kenniseconomie te ondersteun.

Universiteite moet dit hoofsaaklik doen deur die lewering van hoogs-opgeleide gegradueerdes, die lewering van relevante navorsing, en die implementering van hulle kundigheid in die bedryf, asook in die gemeenskappe. Die NWU sal:

- deur gehalte-onderrig en -leer goed-afgeronde gegradueerdes, wat die vermoë het om lateraal en krities te dink in hulle diens aan die land en sy mense, ontwikkel, opvoed en bemagtig;
- relevante en gefokusde navorsing van ’n hoë gehalte ontwikkel en volhou, en innoverende oplossings verskaf vir uitdagings wat die vakkundige gemeenskap, die land, die kontinent en die wêreld in die gesig staar; en
- die implementering van kundigheid, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig, tot voordeel van die provinsie, die land, die SAOG-streek, die kontinent en uiteindelik die wêreld uitbrei.

Dit is dus duidelik dat die moderne universiteit nie bloot binne sy tradisionele grense kan werk en kennis tot sy eie voordeel kan ondersoek nie: dit is ’n vereiste vir die moderne universiteit om relevant te wees, deur middel van ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling ’n positiewe impak op sy omgewing te hê, en om ’n katalisator vir dinamiese samelewingsontwikkeling te wees. Universiteite moet sleutelrolspelers en

² Noordwes-Universiteit: Institusionele Plan 2011 – 2013

strategiese differensieerders wees in die voorbereiding en ondersteuning van 'n land om sy regmatige plek in die wêreldwye kennisekonomie te vind.

Visie

Die NWU se visie is om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

Missie

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word en ons kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer. Die instelling sal dit bereik, aangesien hy sy waardes uitleef, goeie bestuur nastreef en transformasie najaag, terwyl hy plaaslik betrokke en nasionaal relevant is, en internasionaal erken word.

Missie-element 4 streef daarna om die implementering van kundigheid, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig, tot voordeel van die provinsie, die land, die SAOG-streek, die kontinent en uiteindelik die wêreld uit te brei.

Hierdie ideaal word in die volgende doelwitte vervat:

- Streef na relevante en dinamiese implementering van kundigheid en kommersialisering van navorsingsresultate.
- Stem in tot en implementeer die raamwerk vir die implementering van kundigheid deur te fokus op:
 - kommersialisering van kundigheid (in ooreenstemming met die beleid);
 - gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte;
 - projekte of betrokkenheid wat gesien kan word as dat dit gemik is op ontwikkeling in die breedste sin van die woord;
 - projekte waar personeel kundigheid aan nasionale en statutêre liggame verskaf (nie vir vergoeding nie).
- Koester 'n gees van entrepreneurskap onder akademici deur:
 - die belangrikheid vir die generering van derdegeldstroominkomste vir die NWU te kommunikeer;
 - die belangrikheid van die bevordering van reputasie gegrond op die implementering van kundigheid te kommunikeer; en
 - die wesentliche voordele vir akademici te beklemtoon wanneer hulle die implementering van kundigheid binne die parameters van die beleid aanpak;
 - 'n basiese opleidingskursus aan te bied oor hoe om die projekbegrotingsmodel te gebruik.

Waardes

Die Noordwes-Universiteit onderskryf die kernwaardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbintenis tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid en geregtigheid.

Die Universiteit verbind homself:

- tot die versekering dat sy primêre verpligting in die uitvoering van navorsing die soeke na kennis, en waar toepaslik tot voordeel van die gemeenskap, en vir benutting deur die gemeenskap is;
- om navorsing en ontwikkeling deur personeel en studente te ondersteun en aan te moedig, met of sonder 'n uitdruklike motief van winsbejag;

- in vennootskap met sy personeel en deur middel van die nodige erkenning en aanmoediging, tot die stimulering en ondersteuning van navorsing en ontwikkeling wat tot uitvindings, produkte of besigheidsidees lei wat kommersieel benut kan word;
- om in samewerking met ander organisasies sodanige navorsing en ontwikkeling te onderneem waar dit nodig en nuttig is, op 'n basis wat vir al die deelnemende partye tot voordeel strek;
- om deur middel van effektiewe steun in 'n gees van vennootskap die waarde van die kennisbasis (intellektuele eiendom en kundigheid wat in persone gesetel is) van die Universiteit tot voordeel van die uitvindings en/of die entrepreneurs en die Universiteit te ontsluit;
- om in vennootskap met sy personeel uitvindings met kommersiële potensiaal wat uit navorsing en ontwikkeling aan die Universiteit voortvloei deur middel van registrasie te beskerm, en om te verseker dat die registrasieproses op die doeltreffendste manier bestuur word;
- om geregistreerde uitvindings wat 'n goeie kans staan om kommersieel lewensvatbaar te wees verder te ontgin, en om hulp te verleen in die benutting en bemerking daarvan; en
- om in vennootskap met sy personeel sake-idees te ondersoek wat uit navorsing en ontwikkeling aan die Universiteit voortvloei, en om te verseker dat die proses van ontwikkeling op die doelstreffendste manier bestuur word, en om met die benutting en bemerking daarvan te help.

Om die Universiteit in staat te stel om aan hierdie ondernemings te voldoen vir die optimale beskerming en tot die wedersydse voordeel van alle partye, poog hierdie riglyne om die bestaande beleid te konsolideer en die manier te bepaal waarop intellektuele eiendom wat in die Universiteitsomgewing ontstaan, hanteer moet word, en veral:

- (i) die hantering van eienaarskap van intellektuele eiendom en die benutting daarvan in Deel 2, 3 en 4 van hierdie dokument;
- (ii) die uiteensetting in Deel 5 van die manier waarop die Universiteit daarna streef om te verseker dat uitvindings en skrywers wat personeel en studente aan die Universiteit is, 'n billike deel ontvang van die netto inkomste van die kommersialisering van sodanige intellektuele eiendom; en
- (iii) die kwessie van die akkommodering van inheemse kennis as deel van intellektuele eiendom in Deel 6 te hanteer.

1.4 Uitvindings

Die Universiteit onderneem om binne die raamwerk van Deel 3 van hierdie riglyne prosedures te bepaal rakende uitvindings deur personeel of studente aan die Universiteit, wat sal help om te verseker dat:

- (a) daar feitlik vasgestel kan word op wie die intellektuele eiendomsregte rakende sodanige uitvindings moet oorgaan, en indien toepaslik, in wie se naam enige uitvindings derhalwe geregistreer moet word;
- (b) behoorlike sorg gedra word dat die nodige bystand en advies aan uitvindings verleen word om te verseker dat die regte van alle relevante partye ten opsigte van hulle uitvindings beskerm word wanneer die resultate van hulle navorsings- en ontwikkelingswerk bekendgemaak word;
- (c) behoorlike sorg gedra word dat daar tydens die proses om 'n uitvinding te registreer, deeglike oorweging gegee word aan die akademiese doelwit om te publiseer;
- (d) daar in elke geval 'n billike verdeling van tantiemes en enige ander inkomste uit die uitvinding tussen die Universiteit en die uitvinder gemaak word, met inagneming van koste wat die betrokke partye tydens die registrasieproses van sodanige uitvinding in verband met die ontdekking of ontwikkeling van die uitvinding en die praktiese toepassing en verfyning daarvan aangegaan het; en

(e) die lewensvatbaarheid en besigheidspotensiaal van sodanige uitvindings behoorlik geëvalueer kan word.

1.5 Kommersialisering

Die Universiteit onderneem om binne die raamwerk van Deel 4 van hierdie riglyne prosedures te bepaal rakende konsepte, planne en idees met besigheidspotensiaal wat deur personeellede of studente onder die aandag van die Universiteit gebring kan word, wat sal help om te verseker dat:

- (a) die lewensvatbaarheid en kommersiële potensiaal van 'n onderneming wat op sodanige idees gegrond is, behoorlik geëvalueer kan word;
- (b) behoorlike sorg gedra word om die inhoud van sulke konsepte, planne en/of idees vertroulik gehou word in soverre as wat dit nodig is;
- (c) behoorlike sorg gedra word dat die entrepreneur steun ontvang, wat onder andere die vorm van opleiding, hulp, advies, mentorskap en ruimte vir ontwikkeling kan aanneem, om te verseker dat die kundigheid en ruimte bestaan om die onderneming suksesvol te laat ontwikkel; en
- (d) daar in elke geval 'n billike verdeling van ekwiteit, tantièmes en/of ander inkomste uit die onderneming tussen die Universiteit en die entrepreneur gemaak word, met inagneming van enige koste wat die betrokke partye met betrekking tot die oprigting van die onderneming aangegaan het, insluitend 'n leningsrekening.

1.6 Kontraknavorsing

Die Universiteit onderneem om in die geval van navorsing en ontwikkeling wat in samewerking met ander organisasies onderneem word, prosedures daar te stel wat daarop gemik is om te verseker:

- (a) dat die belange van die Universiteit en sy personeel en studente ten opsigte van intellektuele eiendom ten volle beskerm is wanneer kontrakte met sodanige ander organisasies gesluit word; en
- (b) dat in oorweging van bogenoemde, voordat kontrakte met sodanige ander organisasies gesluit word, 'n skriftelike ooreenkoms geformuleer word ten opsigte van:
 - die regte en verpligtinge van al die partye betrokke met betrekking tot intellektuele eiendom wat uit die navorsing en ontwikkeling kan voortspruit;
 - die benutting van sodanige intellektuele eiendom, insluitend die toestaan van lisensies en die kommersialisering van regte; en
 - eise ten opsigte van en betaling van tantièmes, asook enige ander inkomste wat uit sodanige intellektuele eiendom verkry word.

1.7 Biodiversiteit

Die Universiteit onderneem om ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (*National Environmental Management: Biodiversity Act, 2004*) tydens onderhandelings waar biodiversiteit op die Universiteit se intellektuele eiendom betrekking het, die beskerming van Suid-Afrika se inheemse biodiversiteit in ag te neem.

1.8 Kortkursusse

Een vorm van die kommersialisering van die Universiteit se kennisbasis is deur die aanbieding van kursusse aan kliënte vir wins. Die presiese definisie van "kortkursusse" en die betrokke prosedures word in die beleid oor kortkursusse uiteengesit. Ingevolge hierdie beleid maak die Universiteit egter aanspraak op die

outeursreg van die kursusmateriaal van kortkursusse. Die gebruik van die Universiteit se handelsmerk in die aanbieding van kortkursusse word ook in die beleid oor kortkursusse hanteer³.

1.9 Geskille

Enige geskil rakende die interpretasie of toepassing van hierdie riglyne moet hanteer word binne die raamwerk van die Universiteit se prosedures wat gewoonlik van krag is.

2 Deel 2: Eienaarskap van intellektuele eiendom

Gewoonlik verleen eienaarskap van intellektuele eiendom aan die eenaar:

- eksklusiewe regte om die eiendom te gebruik (byvoorbeeld die reg om die uitvinding te gebruik wat deur die toestaan van 'n patent vir die termyn van die patent gedek word, of die reg om outeursregmateriaal te publiseer, kopieer, aan te pas en op te voer, of om 'n spesifieke handelsmerk of ontwerp te gebruik);
- die reg om dit te verkoop of oor te dra, lisensies toe te staan of toestemming te verleen om dit te gebruik, of dit as sekuriteit vir lenings te gebruik;
- reg op registrasie (waar van toepassing);
- die reg om voor 'n hof aansoek te doen om die beskerming van die eksklusiewe regte op die eiendom (byvoorbeeld deur 'n verbod wat oortredende optrede voorkom of deur die toestaan van skadevergoeding);
- die vermoë om die ontwikkeling en benutting van die eiendom eksklusief en direk te beheer; en
- aanspreeklikhede soos dié wat gewoonlik met die eienaarskap van enige eiendom gepaardgaan, insluitend die aanspreeklikheid vir belasting of regstappe by nalatigheid, kontraktuele verpligtinge om ander partye te vrywaar of beskerm, registrasie- en instandhoudingskoste, en ander belastings.⁴

Daar is verskillende kategorieë individue wat direk of indirek by die Universiteit betrokke is en wat 'n belang by die eienaarskap van intellektuele eiendom kan hê.

2.1 Personeel

2.1.1 Algemeen

Eienaarskap van intellektuele eiendom wat in die normale verloop en omvang van hulle pligte deur personeel geskep word, gaan regtens⁵ op die Universiteit oor. Die eienaarskap van intellektuele eiendom wat in die uitvoering van hulle kontraktuele verpligtinge aan die Universiteit geskep word deur kontrakwerkers, insluitend nadoktorale aanstellings, gaan ook op die Universiteit oor.

2.1.2 Spesifieke bepalinge ten opsigte van outeursreg

2.1.2.1 Werknemers en kontrakwerkers

Die eienaarskap van alle outeursregte van werknemers van die Universiteit ten opsigte van werk wat in die normale verloop en omvang van hulle pligte, of in spesifieke opdrag van die Universiteit, deur hulle geskep is, gaan ingevolge artikel 21(1)(d) van die Wet op Outeursreg⁶ op die Universiteit oor. Kontrakwerkers dra hulle outeursreg op alle werke wat tydens die uitvoering van hulle kontraktuele verpligtinge kan ontstaan, aan die Universiteit oor.

³ *Beleid oor Kortkursusse*, 31 Augustus 2005 bl 1-4.

⁴ Australian Vice-Chancellors Committee, *Ownership of Intellectual Property in Universities, Policy and Good Practice Guide*, 2002 bl 10.

⁵ *Intellectual Property Rights from Publicly Financed Research and Development Act, 51 van 2008, artikel 4(1)*.

⁶ *Wet op Outeursreg, 98 van 1978*.

In die geval van sagteware moet sorg gedra word dat die kontrakteur of nadoktorale aanstelling outeursreg kontraktueel aan die Universiteit oordra.

Uitsonderings word in paragraaf 2.1.2.4 en 2.1.2.5 hieronder verduidelik.

2.1.2.2 Identifisering van outeursregwerke

Alle outeursregwerke, soos volledig in die Wet op Outeursreg omskryf word, waarop die Universiteit aanspraak maak, moet soos volg geïdentifiseer word:

“Outeursreg © jaar Noordwes-Universiteit

Alle regte voorbehou”

Die jaartal wat by hierdie verklaring ingesluit word, is die jaar waarin kopieë van die werk vir die eerste keer aan studente of lede van die publiek beskikbaar gestel word, of waarin die werk andersins vir die eerste keer gepubliseer word.

2.1.2.3 Kursusmateriaal

Alle werke wat in die normale verloop en omvang van hulle pligte, insluitend hulle onderrig-, navorsings- en gemeenskapsinteraksiefunksies, deur personeel van die Universiteit geskep word, word – tensy daar andersins ooreengekom word – geag werk te wees wat binne die omvang van die personeellede se diensverpligtinge ontstaan. Dit sluit in werk wat geskep word in die uitvoering van ’n personeellid se normale pligte of in die uitvoering van spesifieke onderrig-, navorsings- of gemeenskapsinteraksieprojekte wat aan die personeellid toegewys word.

’n Voormalige personeellid sal nie deur die Universiteit verhinder word om onderrigmateriaal wat deur hom/haar geskep is vir normale onderrigdoeleindes aan ander instellings te gebruik nie, mits skriftelike toestemming om die materiaal te gebruik van die Universiteit verkry word.

2.1.2.4 Afstanddoening van outeursreg en tantièmes

Deur sy Tegnologieoordrag en Innovasiesteunkantoor kan die Universiteit in sekere gevalle op grond van ’n skriftelike versoek besluit om eienaarskap van die volle of ’n gedeelte van die outeursreg aan die personeellid oor te dra, of kan hom of haar magtig om die werk kommersieel of andersins te benut.

2.1.2.5 Kunswerke (byvoorbeeld skilderye), letterkundige werke (byvoorbeeld digbundels), handboeke en musiekwerke (komposisies)

Nieteenstaande die inhoud van hierdie paragraaf maak die Universiteit nie aanspraak op die eienaarskap van enige regte (insluitend morele regte)⁷ en inkomste wat betrekking het op hierdie vier kategorieë outeursregte nie, selfs indien die betrokke werk binne die omvang van die personeellid se pligte val.

Kursusmateriaal soos hierbo beskryf en wat as afgeleide materiaal by werke van ’n akademiese of estetiese aard (handboeke) of gewilde boeke ingesluit word, kan slegs deur die bestaande akademiese strukture van die Universiteit vir die studente van die personeellid voorgeskryf word. Die Universiteit maak nie aanspraak op inkomste wat uit outeursreg op die betrokke werk verkry word nie. (Die Universiteit maak byvoorbeeld nie aanspraak op die outeursreg van ’n digbundel deur ’n dosent in Letterkunde nie, al word daardie bundel later vir studente voorgeskryf.) Indien enige botsing van belange ten opsigte van voorgeskrewe kursuswerk

⁷ Australian Vice-Chancellors Committee, *Ownership of Intellectual Property in Universities, Policy and Good Practice Guide, 2002* bl 8.

ontstaan, moet die voorskryf van eie materiaal deur enige akademiese personeellid deur sy/haar dekaan/direkteur goedgekeur word.

2.1.3 Spesifieke bepalinge ten opsigte van uitvindings, kundigheid en handelsgeheime

Alle regte op, belange by en titels op enige uitvinding, handelsgeheim en kennis, hetsy patenteerbaar of registreerbaar as 'n model of planttelersreg of nie, wat in die normale verloop en omvang van hulle aanstelling by die Universiteit deur 'n werknemer van die Universiteit geskep word, gaan regtens op die Universiteit oor, en in sover as wat dit nie regtens oorgaan nie, dra die werknemer sulke regte en belange aan die Universiteit oor.

Kontrakwerkers en nadoktorale aanstellings dra ook al hulle regte en titel op en belang by enige uitvindings, kennis en handelsgeheime wat tydens die uitvoering van hulle kontraktuele verpligtinge ontwikkel kan word, aan die Universiteit oor. Tensy daar anders ooreengekom word, sluit dit alle uitvindings en kundigheid in wat deur die personeellid ontwikkel is in die spesialisingsveld waarin gemelde personeellid by die Universiteit aangestel is.

Die oordragte hierbo sluit in alle regte en titel op en belang by enige uitvindings wat die personeellid in die uitvoering van sy/haar diensverpligtinge ontwikkel. Dit sluit ook enige voorlopige aansoek om registrasie van 'n patent, model of planttelersreg in wat ingedien word nadat die personeellid se diensverhouding met die Universiteit beëindig is.

Alle uitvindings, kundigheid en handelsgeheime wat deur 'n personeellid ontwikkel word (insluitend nauurse werk op die gebied van kundigheid van die universiteit) word geag in die normale verloop en omvang van sy/haar aanstelling by die Universiteit en binne die kundigheidsveld van die Universiteit ontwikkel te wees, tensy die personeellid die teendeel op grond van 'n ooreenkoms of soortgelyke bewysmateriaal kan bewys.

2.1.4 Personeel wat by of vir buite-organisasies kontraknavorsing doen

Personeel van die Universiteit wat ander onderwysinstellings of ander organisasies besoek met die doel om navorsingsidees met hulle te bespreek, of wat tydens navorsingsverlof elders navorsing doen, moet verseker dat toepaslike ooreenkomste ten opsigte van intellektuele-eiendomsregte voor die besoek aangegaan word. Op dieselfde manier moet personeellede wat deur buite-organisasies genader word om kontraknavorsing vir sodanige organisasies te doen, ongeag die plek waar die kontraknavorsing gedoen word, verseker dat toepaslike ooreenkomste ten opsigte van intellektuele-eiendomsregte gesluit word. By gebrek aan toepaslike ooreenkomste rakende intellektuele eiendomsregte wat tussen die partye gesluit is, is die verstekooreenkoms dat al sulke IE op die Universiteit oorgaan.

Die Direkteur: TOIS is beskikbaar om personeel in hierdie verband by te staan. Kontraknavorsing word geag binne die normale verloop en omvang van die personeellid se aanstelling te wees, en die intellektuele eiendom wat as gevolg van sodanige kontraknavorsing geskep word, sal op die Universiteit oorgaan.

Onderhewig aan tersaaklike wetgewing skenk die Universiteit redelike oorweging aan versoeke van die ander organisasie ten opsigte van intellektuele-eiendomsreg wat uit sodanige navorsing voortspruit. Enige oormaking aan of deel met die buite-organisasie van gemelde intellektuele-eiendomsreg wat uit sodanige kontraknavorsing kan voortspruit, moet vooraf skriftelik goedgekeur en deur die aangewese persoon van die Universiteit onderteken word. Enige oormaking is ook onderhewig aan NIPMO-goedkeuring, soos in regulasie 11(9) van die regulasies aangedui word. Die Universiteit doen alle redelike stappe om die vertroulikheid van sodanige kontrakte, waar van toepassing, te beskerm.

2.1.5 Konsultasiewerk wat deur personeel onderneem word

’n Onderskeid word getref tussen konsultasiewerk en kontraknavorsing, soos in die lys definisies in Aanhangsel B omskryf word.

Die produk van konsultasiewerk, hetsy ’n verslag, ’n opinie, of enige ander vorm van produk of diens, mag deur ’n personeellid van die Universiteit aan ’n buite-organisasie gelewer word, met inbegrip van die outeursreg op die produk, mits die lynhoof van die personeellid sodanige aktiwiteit goedgekeur het, en die nodige reëlings rakende die verwante koste van sodanige produk of diens binne die beleid van die Universiteit aan die Universiteit betaal word. Hierdie aktiwiteite mag nie die reg op akademiese publikasie benadeel nie. Die Universiteit behou hom gevolglik die reg voor om alle redelike stappe te doen om sodanige benadeling te voorkom. Die Universiteit behou ook die outeursreg op die rou data wat tydens navorsing vir sodanige konsultasiewerk geskep word ten einde onder andere verdere navorsing aan te moedig. Die Universiteit behou hom ook alle regte voor op enige publikasie wat uit sodanige konsultasiewerk voortspruit. Personeellede van die Universiteit dra dus die outeursreg en enige ander regte wat aan sodanige rou data kleef aan die Universiteit oor, tensy anders met die Universiteit ooreengekom word.

Die Universiteit erken dat sekere vorms van konsultasiewerk nie betekenisvol uitgevoer kan word sonder dat die Universiteit se infrastruktuur (byvoorbeeld analitiese laboratoriums) gebruik word nie, met gepaardgaande koste vir die Universiteit. In sodanige geval moet die betrokke personeellede (individueel of gesamentlik) in oorleg met die betrokke dekaan ’n ooreenkoms met die NWU aangaan, insluitend ten opsigte van die wyse waarop die Universiteit vir sodanige gebruik vergoed sal word.

Ander vorms van privaat werk wat nie binne die definisie van konsultasie val nie, word geag kontraknavorsing te wees, tensy vooraf anders ooreengekom word, en moet ingevolge paragraaf 2.1.4 hanteer word.

2.1.6 Intellektuele eiendom wat by personeel berus

Indien ’n personeellid daarop aanspraak maak dat die eienaarskap van intellektuele eiendom by hulleself berus, en redelikerwys aan die Universiteit kan bewys dat sodanige intellektuele eiendom nie in die normale verloop en omvang van hulle diens geskep is nie, sal die Universiteit aanvaar dat die personeellid op die eienaarskap daarvan geregtig is.

Indien enige openbare geld vir die ontwikkeling van sodanige intellektuele eiendom gebruik is, kan die Universiteit aanspraak maak op die verwante pro rata-gedeelte van die intellektuele eiendom en die bepalinge van die Wet geld steeds.

2.1.7 Kontrakwerkers

Personeel wat op ’n kontrakbasis by die Universiteit aangestel is, asook nadoktorale aanstellings, word ingesluit by die terme personeel en personeellede soos dit hierbo gebruik word. Hulle is onderhewig aan dieselfde voorwaardes rakende intellektuele eiendomsregte wat op die werknemers van die Universiteit van toepassing is, tensy die teendeel uitdruklik gestel word. Volle regte, titel en belang ten opsigte van intellektuele eiendom, insluitend uitvindings, ontwerpe, kundigheid en die outeursreg van alle werk wat in die normale verloop en omvang van die uitvoering van die kontrak met die Universiteit ontwikkel word, word aan die Universiteit oorgedra.

Die verhouding tussen die Universiteit en sodanige kontrakwerkers of nadoktorale aanstellings word bepaal deur ’n voorafgaande skriftelike kontrak wat voorsiening maak vir onder andere die volgende:

- oormaking van intellektuele eiendomsregte;
- vrywaring; en
- afstanddoening van morele regte in die geval van outeursreg.

By gebrek aan toepaslike ooreenkomste rakende intellektuele eiendomsregte wat tussen die partye ooreengekom is, is die verstekooreenkoms dat al sulke IE op die Universiteit oorgaan.

Elke kontrakwerker moet ook 'n openbaarmakingsvorm invul met betrekking tot enige sulke intellektuele eiendom wat in die verloop van hulle kontrakwerk ontwikkel is.

2.1.8 Gesamentlike personeel

Die eienaarskap van intellektuele eiendom van personeel wat as gesamentlike personeel van die Universiteit en 'n buite-organisasie in diens is, moet volgens 'n skriftelike voorafooreenkoms tussen die Universiteit en daardie buite-organisasie bepaal word.

2.1.9 Sagteware

Ingevolge die Wet op Outeursreg 98 van 1978, is sagteware onderhewig aan beskerming van outeursreg. In sekere jurisdiksies kan sagteware egter ook gepatenteer word. Die ontwikkeling van sagteware deur werknemers, kontrakwerkers en studente is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- sagteware wat deur werknemers, kontrakwerkers en studente ontwikkel word, is onderhewig aan hierdie riglyne, en die bepalings van paragraaf 2.1.2, 2.1.7 en 2.2.2 is in dieselfde mate op sagteware van toepassing;
- dokumente wat die ontwikkeling en bedryf van ontwikkelde sagtewarepakkette ondersteun, moet deur ontwikkelaars behou word en op versoek aan die Universiteit afgestaan word; en
- nuwe sagteware-ontwikkeling en die vordering daarmee moet aan die Universiteit bekendgemaak word, soos dit ook vir alle ander intellektuele eiendom geld.

2.1.9.1 Oopbronsagteware

Nieteensataande die Universiteit se aanspraak op eienaarskap van sagteware wat deur sy werknemers, kontrakwerkers en studente in die normale verloop en omvang van hulle werk geskep word, ondersteun en bevorder die Universiteit die skepping en deelname aan die skepping van oopbronsagteware. Die Universiteit sal nie aanspraak maak op eienaarskap van oopbronsagteware nie. Daar word egter van werknemers, kontrakwerkers en studente vereis om hulle voorneme om oopbronsagteware te skep, of aan die skepping daarvan deel te neem, aan die TOIS-kantoor bekend te maak.

2.2 Studente

2.2.1 Algemeen

Hoewel studente nie normaalweg personeellede van die Universiteit is nie, maak hulle van die Universiteit se infrastruktuur gebruik, doen hulle in die loop van hulle studies werk by die Universiteit ten einde 'n universiteitskwalifikasie te verwerf, en word hulle werk deur personeellede van die Universiteit gesteun en gelei. Studente moet enige intellektuele eiendom wat uit hoofde van die uitvoering van hulle studieverpligtinge by hulle berus, aan die Universiteit oormak. Sodanige oormaking vind tydens die registrasieproses plaas.

By gebrek aan toepaslike ooreenkomste rakende intellektuele eiendomsregte wat tussen die partye ooreengekom is, is die verstekooreenkoms dat al sulke IE op die Universiteit oorgaan.

2.2.2 Spesifieke bepalings ten opsigte van outeursreg

Paragraaf 2.1.2 is *mutatis mutandis* op studente van toepassing.

2.2.3 Buite-organisasies wat beurse verskaf

Buite-organisasies wat beurse aan studente verskaf, moet vooraf kontraktueel met die Universiteit ooreenkom oor die eienaarskap van intellektuele eiendom wat uit die student se studies aan die Universiteit kan voortspuit. Dit is die student se verantwoordelikheid om met die opstel van so 'n ooreenkoms te help. Die Universiteit moet ten minste aan die buite-organisasie 'n reg van eerste weiering teen 'n redelike, ooreengekome bedrag aanbied om 'n eksklusiewe lisensie te verkry om die intellektuele eiendom kommersieel te benut.

By gebrek aan toepaslike ooreenkomste rakende intellektuele eiendomsregte wat tussen die partye ooreengekom is, is die verstekooreenkoms dat al sulke IE op die Universiteit oorgaan.

2.2.4 Intellektuele eiendom wat by studente berus

Indien 'n student daarop aanspraak maak dat die eienaarskap van intellektuele eiendom by hulleself berus, en redelikerwys aan die Direkteur: TOIS van die Universiteit kan bewys dat sodanige intellektuele eiendom nie in die normale verloop en omvang van hulle studies geskep is nie, sal die Universiteit aanvaar dat die student op die eienaarskap daarvan geregtig is.

Enige geskille word vir 'n finale besluit na die Adkunkvisiekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie verwys.

2.2.5 Kommersiële benutting van intellektuele eiendom wat by studente berus

Indien 'n student voornemens is om 'n werkopdrag of verhandeling (vir 'n meestersgraad) of 'n tesis (vir 'n doktorsgraad) in te dien wat in wese by 'n opdrag van hulle werkgewer aansluit, moet sodanige student met registrasie, of so spoedig moontlik nadat hulle van die werkgewer se opdrag bewus geword het, hulle voorneme aan die Universiteit en hulle werkgewer bekendmaak. Die Universiteit en die student se werkgewer moet dan onderhandel oor eienaarskap van outeursreg en vertroulikheid wat met die student se opdrag/verhandeling/tesis verband hou. Normaalweg sal die Universiteit nie die opdrag/verhandeling/tesis vir 'n tydperk van langer as een jaar vertroulik hou nie, en behou hom die reg voor om die opdrag/verhandeling/tesis te publiseer in elektroniese formaat, waarvan die Universiteit ingevolge hierdie beleid die outeursregeienaar is.

By gebrek aan toepaslike ooreenkomste rakende intellektuele eiendomsregte wat tussen die partye ooreengekom is, is die verstekooreenkoms dat al sulke IE op die Universiteit oorgaan.

'n Student wat egter aan 'n uitvinding werk of 'n dosent met navorsing help, sal nie as 'n uitvinder gereken word nie, maar is slegs 'n "bemaagtiger", soos in die woordelys gedefinieer word.

2.3 Besoekende dosente en navorsers (insluitend nadoktorale navorsers)

Besoekende dosente en navorsers wat nie permanent deur die Universiteit aangestel is nie, moet voor hulle besoek 'n vertroulikheidsooreenkoms onderteken waarmee hulle onderneem dat hulle alle vertroulike inligting wat tydens hulle besoek aan die Universiteit onder hulle aandag kan kom, vertroulik sal hou en dit nie vir persoonlike gewin sal gebruik nie.

Hulle moet ook enige intellektuele eiendomsregte wat uit hulle betrokkenheid by enige navorsingsprojek van die Universiteit spruit, of wat die gevolg is van hulle verblyf by die Universiteit, aan die Universiteit oordra.

Die Universiteit maak slegs aanspraak op intellektuele eiendom van besoekende dosente of navorsers wat tydens hulle besoek aan die Universiteit geskep of begin is. Enige ander verdeling van sodanige intellektuele eiendomsregte moet vooraf skriftelik met die Universiteit ooreengekom word.

By gebrek aan toepaslike ooreenkomste rakende intellektuele eiendomsregte wat tussen die partye ooreengekom is, is die verstekooreenkoms dat al sulke IE op die Universiteit oorgaan.

2.4 Buite-organisasies, befonders en die regering

Die intellektuele eiendomsregte berus in die eerste plek by die uitvinder, en solank as wat die uitvinder 'n personeellid of student van die Universiteit is, is die Universiteit in beginsel op die eienaarskap van die betrokke intellektuele eiendom geregtig, tensy anders ooreengekom word.

Die vestiging van intellektuele eiendomsregte word primêr wetlik bepaal, deur die intellektuele bydrae wat gemaak word met die skepping van die intellektuele eiendom, en deur die finansiële bydrae wat dit moontlik gemaak het. Voorts word eienaarskap van intellektuele eiendomsregte basies volgens die volgende gronde bepaal:

- **Uit hoofde van die skepping van die materiaal**

Die werklike outeur, skepper, maker, uitvinder, of komponis van die inhoud het gewoonlik die aanvanklike aanspraak op die intellektuele-eiendomsregte van daardie inhoud. Outeurskap en uitvindings word egter tegnies binne toepaslike wetgewing en ingevolge die gemenerereg gedefinieer. Daar kan nie aanvaar word dat die persoon wat die idees gehad het noodwendig die outeur of uitvinder is nie, of dat slegs die idees beskerm word nie. Vervolgens, terwyl die skepping van die materiaal 'n beginpunt is in die bepaling van die eienaarskap, is dit onderhewig aan aansprake wat onder aanstellingskontrakte en ander ooreenkomste, insluitend opdrag en registrasie, voortvloei.

- **Deur werking van ooreenkomste**

Die kwessie van eienaarskap kan deur 'n ooreenkoms tussen die skepper van die intellektuele eiendom en iemand anders, gewoonlik 'n werkgewer, eksterne befondingsliggaam, universiteitsmaatskappy, lede van 'n navorsingspan of uitgewer bepaal word. Indiensnemingsvoorwaardes van personeel, universiteitsbeleide en enige ander beherende wetlike voorwaardes (byvoorbeeld wetgewing oor onbillike kontrakte, die vereiste dat sommige kontrakte skriftelik moet wees, en die feit dat 'n opdrag of oordrag van statutêre intellektuele-eiendomsregte skriftelik moet wees en deur die oordraer onderteken moet word) bepaal die regte van die onderskeie partye en raamwerk van samewerking. Bindende of afdwingbare ooreenkomste word skriftelik gesluit (mondelike ooreenkomste is ook bindend, maar is aan probleme onderworpe indien bewyse nodig is) en het bepalinge wat van die omringende omstandighede (soos die betrekkinge tussen die partye, hulle optrede wat met die ooreenkoms verband hou, of van handelsgebruik en gebruik) ingelees word. In die geval van besoekers aan universiteite wat aan 'n navorsingsprojek meewerk, of by 'n professionele ervaringsprogram betrokke is, studieverlof of iets soortgelyk het, moet die uitnodigingsbrief na die feit verwys dat die universiteit se IE-beleid van toepassing is op enige werk wat die besoeker produseer. Terwyl die wetlik bindende aard van sodanige bepaling in 'n brief bevraagteken kan word, verskaf dit ten minste 'n wegspringplek vanwaar begin kan word.

By gebrek aan toepaslike ooreenkomste rakende intellektuele eiendomsregte wat tussen die partye ooreengekom is, is die verstekooreenkoms dat al sulke IE op die Universiteit oorgaan.

- **Werkgewer se aansprake**

Dit sal voortvloei uit uitdruklike bepalings en voorwaardes in 'n dienskontrak, deur die insluiting van bepalings en voorwaardes van ander ooreenkomste of instrumente by die dienskontrak, deur stilswyende bepalings, deur die werking van 'n plig van getrouheid (byvoorbeeld waar 'n werknemer deur die wet geag word 'n uitvinding vir die werkgewer in trust te hou) of deur werking van wetgewing (insluitend verordeninge, regulasies en reëls). Terwyl 'n werkgewer se aansprake hoofsaaklik uit die diensverhouding voortvloei, is laasgenoemde onderhewig aan 'n wye verskeidenheid faktore wat onder die rubriek van indiensnemingsreg val, en die dienskontrak word dus beskou as 'n afsonderlike vorm van ooreenkoms wat afsonderlik behandel moet word.

- **Registrasie**

Patente, ontwerpe, handelsmerke en planttelersregte vereis registrasie van eienaarskap en belange in eienaarskap om binne die onderskeie wette te val. Dit sal belangrik wees om te bepaal wie die reg het om vir registrasie aansoek te doen, byvoorbeeld tussen navorsers en 'n universiteitsmaatskappy wat 'n tegnologie waarop daar patentregte is, te kommersialiseer. Die geregistreerde eienaar is die absolute wettige eienaar en kan die registrasiesertifikaat gebruik om eienaarskap te bevestig. Registrasie kan teengestaan word, maar sodra enige teenstand gefinaliseer is of by gebrek aan teenstand, verskaf registrasie sekerheid van eienaarskap.

- **Spesiale wetlike voorwaardes**

Die wette wat intellektuele eiendom reguleer, bevat 'n aantal bepalings wat eienaarskap kan beïnvloed.⁸ Die nuwe *Intellectual Property Rights from Publicly Financed Research and Development Act*, 51 van 2008 is 'n goeie voorbeeld.

Indien die buite-organisasie in die kommersiële benutting wil deel, of wil hê dat die intellektuele eiendom daaraan oorgedra word, word versoek dat die TOIS-kantoor genader word sodat 'n ooreenkoms met die Universiteit in hierdie verband gesluit kan word. Alle kontrakte wat op intellektuele eiendom betrekking het, insluitend navorsingskontrakte, moet skriftelik tussen die betrokke buite-organisasie en die Universiteit gesluit word, en moet amptelik volgens die beleid van die Universiteit deur die aangewese gemagtigde persone goedgekeur word.

So 'n ooreenkoms moet die verdeling van eienaarskap en die regte van benutting van die betrokke intellektuele eiendom tussen die Universiteit en die buite-organisasie hanteer. Die Universiteit kan, na hulle eie goedgekenne, ten opsigte van ekstern-befondsde werk, teen 'n redelike, ooreengekome bedrag aan die relevante buitefirma die reg van eerste weiering toestaan om 'n lisensie te verkry om die intellektuele eiendom kommersieel te benut.

Die eienaarskap van intellektuele eiendom wat voortspruit uit navorsing wat met behulp van 'n toekenning of hulp van 'n regeringsdepartement of -inisiatief gedoen is, sal op die Universiteit oorgaan, tensy anders ooreengekom word.

2.5 Inkrementele bydraes tot intellektuele eiendom

Waar 'n personeelid of student van die Universiteit 'n opdrag van 'n buite-organisasie ontvang om 'n studie uit te voer waar bestaande intellektuele eiendom wat aan sodanige buite-organisasie behoort verder ontwikkel

⁸ Australian Vice Chancellors-Committee, *Ownership of Intellectual Property in, Ownership of Intellectual Property in Universities, Policy and Good Practice Guide*, 2002 bl 10-12.

moet word, of waar 'n probleem wat daarmee verband hou, opgelos moet word, word die Universiteit se regte beperk tot die inkrementeel-toegevoegde intellektuele waarde van die ondersoek of navorsing en enige patente, ontwerpe en outeursregte wat as gevolg van sodanige navorsing kan ontstaan. In al sodanige gevalle moet die betrokke personeel of student en die buite-organisasie ook die TOIS-kantoor kontak om die partye se onderskeie regte op die genoemde intellektuele eiendom te laat vervat in 'n skriftelike kontrak met die Universiteit, wat die lisensiëring van sodanige regte insluit.

By gebrek aan toepaslike ooreenkomste rakende inkrementele bydraes tot intellektuele eiendomsregte wat tussen die partye ooreengekom is, is die verstekooreenkoms dat al sulke IE op die Universiteit oorgaan.

2.6 Handelsmerke van die Universiteit

Die Universiteit is die eienaar van verskillende geregistreerde en ongeregistreerde handelsmerke en behou dus al sy regte voor met betrekking tot enige merke wat sy naam, wapen, afkorting of soortgelyke aanduidings insluit, of wat andersins 'n assosiasie met die Universiteit aandui. Dit sluit onder andere die name in wat die Universiteit en/of sy onderskeie kampusse, korporatiewe kleure en logo's identifiseer wat deur die departemente, institute, *Bureaux* of eenhede ontwikkel is of sal word, asook die name van die Universiteit se onderskeie domeine.

Die gebruik van sodanige handelsmerke deur personeel of studente in die loop van hulle pligte of studies moet die toepaslike regulasies nakom (byvoorbeeld met betrekking tot briefhoofde) soos dit deur die Universiteit neergelê word.

Die gebruik van die Universiteit se handelsmerke vir privaat doeleindes of vir gewin deur die personeel, studente of lede van die publiek word streng verbied, tensy toestemming deur 'n IB-lid van die Universiteit verleen is na die voorlegging van 'n skriftelike versoek en motivering vir elke geleentheid.

Die Universiteit behou hom die reg voor om sy naam of geregistreerde handelsmerke aan kommersiële vennote te lisensieer. Dit sluit in die lisensiëring van die Universiteit se naam aan kortkursusse ingevolge die beleid oor kortkursusse.

3 Deel 3: Beskerming van intellektuele eiendom deur lisensiëring

3.1 Registreerbare uitvindings (insluitend patente, ontwerpe en planttelersregte)

'n Registreerbare uitvinding is enige produk, proses, metode, toestel of komposisie, of 'n verbetering aan 'n bestaande produk, proses, metode of toestel wat redelikerwys as nuut en vindingryk (behels 'n uitvindingstap) beskou kan word, en wat in die bedryf, landbou of handel aangewend kan word⁹.

Die vereiste van nuutheid is veral van belang vir patente, modelle en planttelersregte en enige uitvinder met 'n idee moet dit eers teen die jongste stand van sake toets. Die jongste stand van sake sluit in alle publikasies oor en gebruike van soortgelyke produkte en prosesse, en veral op die betrokke gebied van die toepassing. 'n Aanbeveling deur die betrokke departementele voorsitter en/of dekaan in verband met die verdienste van 'n idee is baie waardevol en word dus ook teen die tyd van die openbaarmaking vereis.

In die geval van 'n patent en 'n planttelersreg is die uitvinder verplig om te alle tye te verseker dat die uitvinding vertroulik gehou word, aangesien publikasie of openbare gebruik daarvan die moontlikhede vir 'n patent, modelregistrasie of beskerming van 'n planttelersreg kan vernietig – die nuwigheidsvereiste is

⁹ *Die Wet op Patente*, 57 van 1978 soos gewysig; DM Kisch Inc 2003, Patents bl 1

geskaad indien dit gebeur. Dit sluit openbaarmaking in aan enige lid van die publiek sonder om hulle instemming te verkry om die uitvinding vertroulik te hou. Indien enigeen bewus word van so 'n ontydige openbaarmaking, moet die TOIS-kantoor onmiddellik in kennis gestel word.

Patent- sowel as outeursregbeskerming is op sekere uitvindings van toepassing. 'n Tipiese en belangrike voorbeeld is sagteware. Sodanige gevalle word deur spesiale bepalings (sien paragraaf 3.5) bepaal.

3.2 Identifikasie van intellektuele eiendom

Die TOIS-kantoor en alle akademiese bestuurders is verantwoordelik om enige intellektuele eiendom wat binne die Universiteit geskep word, in oorleg met die personeel en studente te identifiseer. Alle ontdekkings moet binne 90 dae na die ontdekking by die TOIS-kantoor gerapporteer word en die TOIS-kantoor moet alle openbaarmakings twee keer per jaar aan NIPMO rapporteer.¹⁰ Die Universiteit het 'n regsverpligting om ontdekkings deur die TOIS-kantoor en in vennootskap met die uitvinder(s) tot voordeel van die Universiteit, sy studente en personeel te benut. Hierdie identifikasie word verkry deur gewone opnames, jaarverslae en openbaarmakings wat deur personeel en studente deur middel van hulle akademiese of navorsingshoof aan die TOIS-kantoor gemaak word.

3.3 TOIS-kantoordienste in IP

Die TOIS-kantoor bied aan die Universiteitspersoneel en studente die volgende dienste met betrekking tot die benutting van uitvindings, plantvariëteite, ontwerpe, sakekonsepte en ander intellektuele eiendom wat deur die personeel en studente ontwikkel word:

- 'n tegnologiese ondersoek om vas te stel of die uitvinding oorspronklik/uniek is – dit wil sê 'n patentsoektog;
- beraming van die kommersiële potensiaal daarvan;
- ondersoek van die kommersiële en lisensiëringsmoontlikhede;
- onderneming van die voorlopige patentering van 'n uitvinding met behulp van die regskantoor;
- 'n voorlopige markontleding, 'n sakeplan, ondersoek van benuttingsmoontlikhede (hetsy deur lisensiëring, verkoop van regte, of vestiging van newemaatskappye);
- ondersoek van finansieringsbronne, die vorming van vennootskappe en die soek van kopers; en
- beskerming, monitering en deurlopende ondersteuning van 'n patent nadat dit aan 'n vennoot oorgedra is.
- verspreiding van die opbrengste wat uit die benutting van IE in ooreenstemming met die toepaslike NWU-beleide voortvloei.

In sekere gevalle kan die Universiteit in oorleg met die uitvinder van derde partye gebruik maak om die dienste te verskaf. Die koste wat hieraan verbonde is, sal hoofsaaklik verhaal word van opbrengste wat deur die intellektuele eiendom of sakeplan gegenereer word, tensy die Universiteit geen aandeel in die genoemde opbrengste het nie, in welke geval die betrokke personeelid of student wat deur die Universiteit bygestaan word, vir sodanige koste verantwoordelik sal wees.

Daar word van die betrokke personelede en/of studente verwag en hulle word aangemoedig om by die kommersialiseringsproses betrokke te wees.

¹⁰ *Intellectual Property Rights from Publicly Financed Research and Development Act*, 51 van 2008, artikel 5(1)(e) en 5(2)(b).

Indien 'n personeellid of student die Universiteit nader met 'n voorstel vir die benutting van intellektuele eiendom wat tydens die normale verloop van diens aan die Universiteit deur hulle ontwikkel is, of andersins intellektuele eiendom aan die Universiteit openbaar maak waarvan die eienaarskap by die Universiteit berus, moet die Universiteit in oorleg met die uitvinder die moontlikhede vir die kommersiële benutting daarvan ondersoek. Sodanige ondersoek vind in deurlopende oorleg met die persoon plaas, waarna die Universiteit die betrokke persoon skriftelik sal inlig of daar met die benutting daarvan in vennootskap met die betrokke persoon voortgegaan sal word of nie. 'n Verslag word ook ingevolge artikel 5 van die *IPR for PFR&D-wetsontwerp* van 2008 aan NIPMO voorgelê.

Sou die Universiteit na sy alleengoedduke besluit om nie die betrokke intellektuele eiendom te besit nie, moet daar voldoen word aan die proses soos dit in die *IPR for PFR&D-wetsontwerp* beskryf word¹¹. Indien NIPMO weier om die IE self te benut, staan dit die betrokke student of personeellid vry om self met die benutting daarvan voort te gaan. Die TOIS-kantoor kan besluit om so 'n persoon teen 'n markverwante tarief hiermee te help.

3.4 Openbaarmaking van intellektuele eiendom

Om maksimum benutting van nuwe intellektuele eiendom te verseker, moet die identifikasie en openbaarmaking daarvan aan die TOIS-kantoor gemaak word so spoedig moontlik nadat 'n nuwe en potensieel nuttige produk of proses gekonseptualiseer is, of 'n nuwe plantvariëteit ontwikkel is, of wanneer 'n ongewone, onverwagte of nievanselfsprekende navorsingsresultaat verkry is wat die potensiaal het om kommersieel of andersins aangewend te word.

Ingevolge die nuwe wetgewing moet openbaarmakings binne 90 dae gemaak word en die Universiteit is verplig om die openbaarmakings aan NIPMO te rapporteer. Die TOIS-kantoor is verantwoordelik om hierdie taak namens die personeel uit te voer. Daar word van personeel verwag om met die TOIS-kantoor saam te werk om sodoende aan die bepalings van die toepaslike wetgewing te voldoen. Daar word van personeel verwag om binne 30 dae na die ontdekking die openbaarmakings aan die TOIS-kantoor te doen.

Na openbaarmaking word die dienste gelewer soos dit in paragraaf 3.4 uiteengesit is.

Alle navorsers moet 'n behoorlike stelsel van laboratoriumbestuur toepas om op die uniekheid en datum van 'n uitvinding aanspraak te maak.

3.5 Reg om te publiseer

Daar word gewoonlik van lede van die NWU verwag om die resultate van hulle werk in die strewende na navorsingsuitnemendheid te publiseer en aan te bied. Die NWU wil nie hierdie vryheid inperk nie. In gevalle waar navorsingsmateriaal met kommersiële potensiaal betrokke is, moet geskikte stappe egter gedoen word om die inligting voor publikasie te evalueer en beskerm. Daar moet in gedagte gehou word dat sommige navorsingskontrakte oop kommunikasie kan beperk. Advies moet deur middel van die TOIS-kantoor ingewin word om voortydige openbaarmaking te vermy wat sal verhoed dat enige patentbeskerming verkry kan word.¹²

¹¹ *Intellectual Property Rights from Publicly Financed Research and Development Act, 51 van 2008, artikel 5(1)(e) en 5(2)(b).*

¹² MRC Intellectual Property Policy 2004 bl 12.

Aangesien openbaarmaking die moontlikhede van patentering, modelregistrasie en beskerming van planttelersregte tot niet maak, moet publieke openbaarmaking van sodanige navorsingsresultate (onder andere in wetenskaplike tydskrifte) teruggehou word tot tyd en wyl die Universiteit saam met die uitvinder 'n besluit oor die moontlike patentering of registrasie van die uitvinding geneem het. Die Universiteit moet terselfdertyd alles in sy vermoë doen om te verseker dat die tydperk van nie-openbaarmaking so kort as moontlik is.

3.6 Registrasie van patente, ontwerpe en planttelersregte

Die Direkteur: TOIS-kantoor adviseer die Adkunkvisiekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie oor IE-kwessies soos nasionalefase-patentaansoeke, PSV-aansoeke, lisensiëring en vorming van newemaatskappye. Die TOIS-kantoor moet sodanige aanbevelings maak en die finale goedkeuring sal binne 'n redelike tydperk na openbaarmaking van die uitvinding deur die betrokke uitvoerende direkteur gegee word. Geskille word na die IE-adviespaneel verwys.

Die TOIS-KANTOOR maak van internasionaal-aanvaarde patentstrategieë gebruik wat die balansering van die belegging in die beskerming van intellektuele eiendom met die potensiele mark vir die produk behels. Noukeurige oorweging van die kommersiële potensiaal van IE word vereis voordat daar in patentkoste belê word, en dit verseker dat die NWU nie uiteindelik 'n groot portefeulje patente sonder potensiele lisensiehouers het nie. Die strategie van die TOIS-kantoor is dus om goedkoop voorlopige patente in te dien en, waar enigsins moontlik, hulle van duur indienings te weerhou, buiten waar 'n potensiele lisensiehouer daarin belangstel om 'n lisensie te verkry.¹³

Sou die Universiteit besluit om voort te gaan met die patentering of registrasie van 'n uitvinding waarvan dit die eienaar is, sal die koste van registrasie van die patent, model of planttelersreg deur die Universiteit gedra word.

In gevalle waar die Universiteit besluit om nie 'n uitvinding waarvan dit die eienaar van die intellektuele eiendomsregte is te patenteer of registreer nie, word die uitvinding vir benutting aan NIPMO oorgedra. Indien NIPMO nie die uitvinding benut nie, of dit van die hand wys, word dit aan die betrokke uitvinder teruggegee en hulle is vry om vir hulle eie rekening (wins en verlies) met die registrasie van 'n patent, planttelersreg of model en benutting van die betrokke uitvinding voort te gaan.¹⁴

Personeellede of studente mag nie op eie inisiatief of deur middel van 'n patentprokureur voortgaan met die voorlopige of finale registrasie van 'n patent, planttelersreg of model ten opsigte van enige uitvinding wat gemaak is in die normale verloop en omvang van hulle diens of studie nie, aangesien sodanige uitvindings by die Universiteit berus.

Indien die Universiteit die koste van die registrasie van 'n patent, planttelersreg of model dra, is die Universiteit ook geregtig om te besluit oor die geografiese gebied waar die patent, planttelersreg of model geregistreer sal word. Indien die uitvinder van mening is dat die patent, planttelersreg of model ook in ander lande geregistreer moet word, sal dit alleenlik gedoen word indien die uitvinder bereid is om die meegaande koste te dra.

¹³ MNR Beleid oor Intellektuele Eiendom 2004 bl 11.

¹⁴ Intellectual Property Rights from Publicly Financed

Research and Development Act, 51 van 2008, artikel 5(2)(d).

3.7 Die adviespaneel vir intellektuele eiendom

Die Adkunkvisiekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie stel 'n adviespaneel aan om:

- wyer deelname en medebepaling van innovasieskwessies regoor die Universiteit te vestig,
- advies te verskaf oor die prosedure wat gevolg moet word om enige geskille wat met die toepassing van hierdie beleid en ander IE-verwante besluite kan ontstaan, te besleg;¹⁵
- met tussenposes vir die doeleindes van beleidshersiening strategiese aanbevelings rakende die bestuur en benutting van NWU-IE aan die Universiteit te maak.

Die Adviespaneel vir Innovasie bestaan uit die volgende permanente lede:

- Adkunkvisiekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
- Direkteur: TOIS-kantoor
- Bestuurder: TT
- Een verteenwoordiger van die regs kantoor
- Viserektor: Akademies van elke kampus
- Addisionele ad hoc-lede wat deur die betrokke uitvoerende direkteur gekoöpteer word

Uitvinders of die lynbestuurders van uitvinders kan op 'n ad hoc-basis genooi word om bepaalde kwessies wat met innovasie verband hou, te bespreek.

Besluite word op 'n basis van konsensus geneem. Sou konsensus oor enige verwante saak nie bereik word nie, is die besluit van die betrokke uitvoerende direkteur finaal. In so 'n geval sal die visiekanselier oor die geskil en besluit ingelig word (met die verstandhouding dat alle beleide deur die Raad goedgekeur word).

Die Adviespaneel vir Intellektuele Eiendom sal op 'n ad hoc-basis vergader indien nodig, maar sal ten minste een keer per jaar bymekaarkom.

3.8 Sagteware

Outeursregbeskerming is op sagteware van toepassing, maar patentering is ook van toepassing indien sodanige sagteware aan sekere voorwaardes voldoen. Om hierdie rede, en as gevolg van die hoë profiel van sagteware in die tegnologie van vandag, word hierdie tipe uitvinding as 'n afsonderlike afdeling in hierdie beleidsdokument hanteer. Die oordrag van intellektuele-eiendomsregte op sagteware word in deel 2, paragraaf 2.1.9 verduidelik, en veral kontrakwerkers moet omsigtigheid aan die dag lê in verband met sagteware wat in die verloop van hulle kontrakwerk ontwikkel word. Werknemers en kontrakwerkers word verbied om 'n kopie van enige sagteware, insluitend alle meegaande ontwikkelingsmateriaal, hetsy geskrewe, elektronies of in enige ander formaat, wat in die normale verloop en omvang van hulle pligte aan die Universiteit deur hulle ontwikkel is, met die verstryking of beëindiging van hulle kontrak of aanstelling by die Universiteit te gebruik, versprei, reproduseer, verwyder of saam te neem, tensy sodanige gebruik uitdruklik deur die Universiteit gemagtig is.

Die personeelid moet voorts die inhoud, struktuur en metodologie van die sagteware te alle tye vertroulik hou terwyl hulle by die Universiteit in diens is en ook daarna, tensy die openbaarmaking daarvan gemagtig is.

¹⁵ MNR Beleid oor Intellektuele Eiendom 2004 bl 12-13.

Personelede en studente moet nuwe sagteware wat hulle ontwikkel op die vloekaartstadium aan die TOIS-kantoor verklaar, aangesien dit belangrik is om betyds al die moontlike intellektuele eiendomsregte wat uit sodanige sagteware kan voortvloei, te identifiseer sodat hierdie regte doeltreffend beskerm kan word.

4 Deel 4: Benutting van kennisbasis

Artikel 11(1) van die Wet laat toe dat die Universiteit die aard en voorwaardes bepaal van intellektuele-eiendomstransaksies wat verband hou met enige intellektuele eiendom wat hulle besit, mits voorkeur gegee word aan:

- a) nie-eksklusiewe lisensiëring;
- b) entiteite wat aan BSEB-vereistes voldoen en klein ondernemings;
- c) partye wat die intellektuele eiendom wil gebruik op maniere wat optimale voordele vir die ekonomie en lewensgehalte van die mense van die Republiek inhou;
- d) eksklusiewe lisensiehouers wat onderneem om waar moontlik binne die Republiek te vervaardig, verwerk en andersins te kommersialiseer.

Die Universiteit is verbind tot beide die beginsels en die praktiese implementering van breë swart ekonomiese bemagtiging. Daarom sal 'n gefaseerde benadering gebruik word om vordering rakende swart ekonomiese bemagtiging te implementeer, meet en moniteer en sal daar gestreef word om teikens te bereik wat deur die Goeie Praktykkode ingevolge die Wet op Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging, 53 van 2003, daargestel is.

Sonder om gehalte, standaard, diensvlakke of prys te benadeel, sal die Universiteit 'n billike, deursigtige, mededingende en effektiewe proses volg wat aan alle entiteite wat aan BSEB voldoen en klein ondernemings, ongeag ras, geslag of etnisiteit, 'n gelyke geleentheid sal gee om sake met die Universiteit te doen terwyl daar aan die vereistes van die BSEB-wetgewing voldoen word.

4.1 Implementering van kundigheid deur newemaatskappye

In Julie 2008 is 'n beleid in verband met die implementering van kundigheid en kommersialisering aan die NWU aanvaar¹⁶. Dit moet in samehang gelees word met wat hieronder volg.

Die Universiteit kan in oorleg met die uitvinder of entrepreneur en/of lynbestuurder na sy alleengoedduke besluit om intellektuele eiendom deur middel van opdragte, lisensiëring, strategiese vennootskappe, die daarstelling van newe-ondernemings of enige ander toepaslike middele te benut.

Die Universiteit, die uitvinder of entrepreneur en ander moontlike vennote kan ekwiteit of ledebelange besit volgens 'n verdeling waarop vooraf ooreengekom is, binne die beleide van die Universiteit (soos die beleide oor die botsing van belange en konflik van toewyding). Die Universiteit kan 'n meerderheidsaandeel hou in ekwiteit in newemaatskappye wat deel vorm van 'n uitbreiding van die Universiteit se kernbesigheid en akademiese en navorsingsprogramme.

Die NWU kan ook beginbesighede help wat op IE in besit van die Universiteit gegrond is deur vir 'n beperkte tyd 'n minderheidsaandeel te hou.

Die Universiteit behou hom die reg voor om 'n beëindigingstrategie vir newemaatskappye te ontwikkel en te implementeer.

¹⁶ Implementering van kundigheid en kommersialisering by die NWU, Julie 2008

Die kommersiële lewensvatbaarheid van nuwe-ondernemings moet deur die TOIS-kantoor ondersoek word nadat 'n personeellid hulle belange in privaat ondernemings en entiteite aan die betrokke direkteur en/of dekaan bekendgemaak het. 'n Proses soos deur die Direkteur: TOIS-kantoor bepaal word, moet daarna gevolg word, waar onder andere die volgende dienste en ondersteuning in vennootskap met die uitvinder of entrepreneur gelewer word:

- 4.1.1 identifisering van 'n geskikte entrepreneur;
- 4.1.2 opleiding van die entrepreneur in sakebeginsels;
- 4.1.3 opstel van 'n sakeplan tot die bevrediging van die Institusionele Bestuur van die NWU of aangewese liggaam;
- 4.1.4 die vind van strategiese vennote;
- 4.1.5 beskikbaarstelling van ruimte vir ontwikkeling en toegang tot geriewe;
- 4.1.6 beskikbaarstelling van 'n mentor (mentors is nie noodwendig personeellede nie, en is persone met 'n sakeagtergrond);
- 4.1.7 beskikbaarstelling van regs- en finansiële dienste;
- 4.1.8 gebruik van die Universiteit se finansiële stelsel (kostesentrums); en
- 4.1.9 gebruik van die Universiteit se mensekapitaalfunksies.

Die Universiteit kan die dienste en ondersteuning in paragraaf 4.2 hierbo aan die nuwe onderneming lewer in ruil vir óf ekwiteit óf betaling vir dienste gelewer.

Die TOIS-kantoor speel primêr 'n ontwikkelingsrol binne die Universiteit en sal nie noodwendig in 'n onderneming belê nie, hoewel die moontlikheid nie uitgesluit kan word nie. Beleggings moet op 'n streng sakegrondslag, met inagneming van 'n sakeplan en alle ander relevante inligting, deur die Institusionele Bestuur gemaak word.

In die geval van kantoorruimte of laboratoriumtoerusting wat benut word, moet 'n behoorlike bruikhuurooreenkoms met die nuwe-onderneming gesluit word. Sodanige bruikhuurooreenkoms moet te alle tye die akademiese belange van die Universiteit eerste stel.

4.2 Ooreenkomste

Die NWU is 'n regsenteiteit en die gesag om ooreenkomste namens hom te onderteken, word deur 'n beleidsbylae: Magtigingsvlakke (tekenmagtiging), gedateer 16 Maart 2007, beperk en gereguleer. Kennis moet ook geneem word van die Beleid vir Bestuur van Navorsing en Innovasieskontrakte soos deur die Raad op 20 Junie 2008 goedgekeur is. Alle intellektuele-eiendomstransaksies moet die volgende voorgeskrewe verklarings, soos per regulasie 11 en 12, insluit:

- (1) Die partye erken dat die intellektuele eiendom in hierdie transaksie met die steun van die Suid-Afrikaanse regering geskep is, en onderhewig is aan die vereistes van die *South African Intellectual Property Rights from Publicly Financed Research and Development Act, 2008* en sy regulasies (Wet 51 van 2008). Die Suid-Afrikaanse regering het sekere regte op die intellektuele eiendom ingevolge artikel 11(1)(e), 11(2) en 14 van Wet 51 van 2008.
- (2) Die partye begryp en stem in dat kommersialisering van die intellektuele eiendom moet verseker dat die intellektuele eiendom tot voordeel van die Republiek gebruik word.
- (3) Die partye erken die onherroeplike reg van die Staat om die intellektuele eiendom namens die Republiek vir die gesondheid, sekuriteit en noodbehoefes van die Republiek te gebruik of te laat gebruik sonder om tantieme te betaal.
- (4) Die partye is bewus van die Nasionale Intellektuele Eiendomsbestuurskantoor (NIPMO) se regte ingevolge artikel 14(4) van die Wet indien die intellektuele eiendom nie gekommersialiseer word binne die redelike tydperk soos dit in hierdie eksklusiewe lisensie-ooreenkoms uiteengesit word nie.

4.2.1 Konsortium, samewerking en navorsing

Dit is die verantwoordelikheid van lede van die NWU om van IE-klausules van navorsings-, samewerkings- en konsortiumkontrakte bewus te wees, en om te verseker dat die bepalings van sodanige ooreenkomste met derde partye nie met die bepalings in hierdie riglyne bots nie. Enige vrae in verband met die NWU se beleide kan aan die TOIS-kantoor gerig word.

4.2.2 Vertroulikheidsooreenkomste (nie-openbaarmakingsooreenkomste – NDA's)

Dit is die verantwoordelikheid van lede van die NWU om te verseker dat 'n getekende NDA in plek is sou dit nodig wees om gepatenteerde skeppings of -ontdekkings met derde partye te bespreek. Volle openbaarmaking word oor die algemeen selde vereis wanneer navorsing met derde partye bespreek word, en dit moet altyd die voorkeuropsie wees. Die TOIS-kantoor sal altyd adviseer oor wat sonder die verkryging van 'n NDA bekendgemaak kan word.

Indien openbaarmaking vereis word, het slegs die personeel wat ingevolge die bogenoemde beleid gemagtig is, die gesag om NDAs te onderteken. Sodanige ooreenkomste moet in vorm en wese vir die regs kantoor aanvaarbaar wees. Die ooreenkoms moet in duplikaat geteken word: een oorspronklike kopie moet by die regs kantoor ingedien word; die ander oorspronklike kopie moet deur die ontvanger gehou word; 'n afskrif moet deur die navorsingseenheid of departement behou word; en 'n afskrif moet vir liassing aan die TOIS-kantoor gestuur word.

4.2.3 Materiaaloordragooreenkoms

Materiaaloordragooreenkomste dek die gebruik van tasbare materiale, soos monoklonale teenliggaampies, gene, nukleïensuurstringe en -promotors, klone, sellyne, plasmiede, virusse, sade, hele diere ens. Dit is die verantwoordelikheid van die skeppers van IE om die navorsingsdirekteur of ekwivalent van enige voorgenome oordrag van NWU-materiaal na óf kommersiële óf niekomersiële ondernemings in te lig.

Die TOIS-kantoor sal hulp verleen vir die opstel van die MOO indien dit verlang word. Navorsingsdirekteure of hulle gelykes moet die TOIS-kantoor in kennis stel van enige sodanige ooreenkoms, wat in die vorm en wese vir die TOIS-kantoor aanvaarbaar moet wees. Die ooreenkoms moet in duplikaat geteken word: een oorspronklike kopie moet by die regs kantoor ingedien word; die ander oorspronklike kopie moet deur die ontvanger gehou word; 'n afskrif moet deur die navorsingseenheid of departement behou word; en 'n afskrif moet vir liassing aan die TOIS-kantoor gestuur word.

4.2.4 Konsultasie-ooreenkomste

Werknemers van die NWU word nie toegelaat om ooreenkomste wat met eksterne werk verband hou, soos konsultasie-ooreenkomste, aan te gaan sonder bevestigende kennisgewing aan die voornemende werkgewer dat die intellektuele eiendomsregte van die NWU nie aan 'n derdepartykonsultasie- of diensooreenkoms ondergeskik gestel kan word nie.

4.2.5 Kontrakte wat tradisionele kennis en inheemse kennisstelsels behels

Alle kontrakte wat met die navorsing, gebruik en toepassing van tradisionele kennis en tradisionele tegnologieë verband hou, moet in oorleg met die NWU se Etiek Komitee nagegaan en goedgekeur word. Wanneer dit vereis word, moet die TOIS-kantoor geraadpleeg word om voldoening aan alle tersaaklike wetgewing soos wetgewing oor biodiversiteit, die wysigingswet op IE en die Wetsontwerp op Intellektuele Eiendom te verseker.

4.2.6 Lisensiëringsooreenkomste

Hierdie tipe ooreenkoms word gebruik om óf eksklusiewe óf nie-eksklusiewe regte aan die kontrakterende partye te verleen om 'n ontdekking na te vors en/of te kommersialiseer. Die gevolge van sodanige ooreenkomste kan aansienlik wees en moet met die hulp van die TOIS-kantoor en die regs Kantoor noukeurig onderhandel word. Slegs gemagtigde individue mag namens die Universiteit teken sodra die TOIS-kantoor verseker het dat die kontraktuele prosedures nagekom is.

4.2.7 Aandeelhouersooreenkomste

Wanneer die Universiteit ook al ekwiteit in 'n newemaatskappy of enige ander onderneming hou, moet die Universiteit se belange met 'n behoorlik onderhandelde en ooreengekome skriftelike aandeelhouersooreenkoms beskerm word. Die TOIS-kantoor kan geskikte kandidate aanbeveel om namens die Universiteit as direkteurs op die direksies van sodanige maatskappye aangestel te word sodat goeie bestuurspraktyke vir goedkeuring deur die betrokke uitvoerende direkteur verseker word.

4.3 Botsing van belange

4.3.1 Die volgende beginsels vorm die grondslag van die beleid:

- Werknemers moenie in 'n posisie wees om kommersiële besluite van die NWU of sy verwante maatskappye of filiale op so 'n wyse te beïnvloed dat dit tot verminderde inkomste vir die instelling of sy maatskappye kan lei nie.
 - Werknemers wat in 'n posisie van botsing van belange kan wees, of potensieel kan wees, moet onmiddellik enige sodanige situasie aan hulle lynbestuurders bekendmaak.
 - Sou 'n potensieël botsing van belange ontstaan, moet die NWU verteenwoordig word deur personele wat nie direk of indirek by die botsing van belange-situasie betrokke is nie, sodat objektiwiteit verseker en die betrokke werknemer(s) teen onbehoorlike verkrygings beskerm word.
 - Die betrokke dekaan het die finale verantwoordelikheid om, met insette van die Institusionele Direkteur: Innovasie en Navorsingsondersteuning, die botsing van belange-situasie te reguleer.

4.3.2 Beleid ten opsigte van botsing van belange:

Die huidige beleid van die NWU oor botsing van belange, gedateer:

5 Deel 5: Verdeling van fondse uit die kommersialisering van intellektuele eiendom

Deur sy TOIS-kantoor moet die Universiteit ingevolge nuwe wetgewing inkomste wat op grond van intellektuele-eiendomstransaksies en die kommersialisering daarvan aan hom verskuldig is, bestuur. Dit sluit die bestuur in van die voordeelverdelingsreëlings met die skeppers van intellektuele eiendom by die instelling;

Die TOIS-kantoor moet 'n rekord hou van elke kontraktuele ooreenkoms oor intellektuele eiendom wat tantième of dividendinkomste genereer. Inkomste verdien uit die kommersialisering van intellektuele eiendom moet verdeel word in ooreenstemming met die nuwe kriteria, soos regtens vereis word.

5.1 Die verdelingsformule

Die verdeling van die **eerste** een (1) miljoen rand van die inkomste voor die aftrekking van enige uitgawes, dit wil sê die bruto inkomste, ingevolge wetgewing:

- 30% aan die uitvindings, wat dit volgens ooreenkoms tussen hulle verdeel;

- 20% aan die fokusarea of skool waaraan die projek gekoppel is (pro rata indien meer as een fokusarea betrokke is);
- 20% aan die betrokke fakulteit (pro rata indien meer as een fakulteit betrokke is);
- 15% aan die ontwikkelingsfonds van die Universiteit; en
- 15% aan die TOIS-kantoor.

Daarna word **enige verdere** inkomste uitgekeer na die aftrekking van enige en alle geakkumuleerde kommersialiserings- en patenteringsuitgawes, dit wil sê die netto inkomste, ingevolge wetgewing:

- ✓ 30% aan die uitvindere, wat dit volgens ooreenkoms tussen hulle verdeel;
- ✓ 20% aan die fokusarea of skool waaraan die projek gekoppel is (pro rata indien meer as een fokusarea betrokke is);
- ✓ 20% aan die betrokke fakulteit (pro rata indien meer as een fakulteit betrokke is);
- ✓ 15% aan die ontwikkelingsfonds van die Universiteit; en
- ✓ 15% aan die TOIS-kantoor.

5.2 Bykomende regsbepalings

Skeppers van IE moet hulle gedeelte ontvang van die inkomste uit kommersialisering van IE wat deur hulle geskep is en deur die IPR for PFR&D-wet bepaal word nie later nie as 12 maande na die datum van die ontvangs van sodanige inkomste deur die Universiteit.

Sodanige betalings moet voortgaan totdat die kontrak wat die inkomste produseer, beëindig word.

Die Universiteit erken dat die skeppers van die IE se reg op die deel van voordele voortduur na hulle bedanking en/of die beëindiging van werk, en dat dit in die geval van hulle afsterwe op hulle regmatige erfgename oorgaan.¹⁷

5.3 Niegeldelike voordele

Hierdie beleid geld in dieselfde mate vir niegeldelike voordele en is nie tot sekere bepalinge beperk nie. Niegeldelike voordele kan onder andere as beurse, kortings of dienste in plaas van 'n geldelike voordeel manifesteer. Donasies van enige aard word op grond van die definisie uitgesluit. 'n Duidelike onderskeid moet gemaak word tussen niegeldelike voordele vir navorsing en ontwikkeling, en niegeldelike voordele wat vir kommersialisering van intellektuele eiendom ontvang word.

Aandele en ekwiteit word nie as niegeldelike voordele gereken nie, maar bloot as 'n ander manifestering van 'n geldelike voordeel. As sodanig kan uitvindere instem om aandele te ontvang in 'n newemaatskappy wat vir die doeleindes van kommersialisering van die intellektuele eiendom gestig is, in plaas daarvan dat inkomste verdeel word soos hierbo uiteengesit. In so 'n geval moet die ooreenkoms tussen die NWU en die uitvinder/s om afstand te doen van die uitkering van inkomste ten gunste van aandele weerspieël word in:

- ✓ Die aandeelhouersooreenkoms in gevalle waar die NWU aandele in die newemaatskappy het; of
- ✓ Die lisensieringsooreenkoms tussen die NWU en die newemaatskappy in gevalle waar die NWU nie enige aandele in die newemaatskappy het nie.

Die minimum aandeelhouding moet gegrond wees op 'n redelike skatting van wat die uitvinder sou verdien het indien die inkomste van die NWU volgens die formule hierbo uitgekeer is.

¹⁷ Artikel 0 van IPR-PFRD Act, 2008

Dit is van die grootste belang vir die NWU dat uitvindings werklike voordele moet ontvang. Die NWU wil ook die moontlikheid van belastingontduiking deur die gewer van niegeldelike voordele vermy. Die NWU wil dus enige lisensie-ooreenkoms vermy waar niegeldelike voordele in plaas van tegnologiese of tantième-inkomste vir die kommersialisering van intellektuele eiendom aangebied word. In ieder geval moet die vergoeding wat uit niegeldelike voordele spruit met die betrokke uitvindings onderhandel word.

6 Deel 6: Inheemse kennisstelsels

6.1 Inleiding

Die Noordwes-Universiteit bevestig sy verbintenis tot die erkenning, bevordering, ontwikkeling, beskerming en bevestiging van IKS.

Die Universiteit het 'n IKS Sentrum van Uitnemendheid op sy Mafikengkampus en deur die werk van hierdie sentrum wil die Universiteit sy pogings met die Nasionale Beleid oor Inheemse Kennis, 2004, belyn. 'n Uittreksel uit die toepaslikste dele verskyn op die webwerf by:

<http://www.nwu.ac.za/research/technologytransfer/supportservices/iks.html>

Die NWU is 'n instelling wat kennis deur navorsing, onderrig en gemeenskapsuitreiking ontwikkel en bevorder. Kennisleierskap word egter vandag deur die skepping en ontginning van kennis bepaal, en die vermoë om kennis in welvaart te omskep en armoede uit te wis.

Indien inheemse kennis tot die omskakeling van kennis in welvaart moet bydra en armoede moet uitwis, moet dit beskerm word deur 'n inklusiewe IE-beleid en wetlike raamwerk wat IKS-imperatiewe in ag neem, veral in die mate waartoe dit met die volgende verband hou:

- (i) dat dit tot voordeel van die nasionale ekonomie strek, aangesien produkte wat op IKS gegrond is soos handwerk, medisinale, landbou- en farmaseutiese produkte nasionaal en internasionaal verhandel word;
- (ii) dat inheemse kennis en hulpbronne as insette in moderne bedrywe gebruik word, byvoorbeeld farmaseutiese ware, botaniese skoonheidsmiddels, landbou en biotegnologie;
- (iii) om biorowery/ongemagtigde gebruik of onttrekking van biologiese hulpbronne wat met IK verband hou, te voorkom;
- (iv) om IK in die hoofstroomekonomie op te neem (kommersialisering);
- (v) om die omgewing te bewaar;
- (vi) om die bestaan van besitters van IK te verbeter;
- (vii) en om internasionale verdrae wat met die gebruik van IK en hulpbronne verband hou, na te kom.

Die wêreldwye tendense vir die gebruik van IKS en verwante hulpbronne het implikasies vir die beleid oor intellektuele eiendomsregte (IER). Dit is op grond hiervan dat instellings van leer en navorsing wat betrokke is by die bevordering van IKS, soos die Noordwes-Universiteit, moet verseker dat hulle IER-beleide

ooreenstem met internasionale en streeksbeleide, wetlike raamwerke, praktyke en debatte, insluitend dié van die WIPO, WTO, ARIPO, ORAPI en PIPER¹⁸.

Die NWU se IER- en IKS-beleid moet in ooreenstemming wees met die bepaling van artikel 6(1) van die *Intellectual Property Rights from Publicly Funded Research and Development Act*, 51 van 2008.

7 Deel 7: Aanhangsels

7.1 AANHANGSEL A: Woordelys

Vir die doeleindes van hierdie beleid het die begrippe wat hieronder gelys word die volgende betekenis:

Kommersialisering

'n Breë term wat gebruik word vir die proses van die generering van inkomste uit alle beskikbare kommersiële hulpbronne. Universiteitshulpbronne sluit in studiemateriaal, handboeke, sagteware, bestuurstelsels, analitiese of ander dienste, chemiese formulerings, verhuurbare geriewe, verkoopbare produkte en prosesse, kennis en kundigheid, fasiliteitsbestuur, ens. Solank daar 'n buiteparty is wat gewillig is om vir enige hulpbron te betaal, kan dit gekommersialiseer word. Die proses van kommersialisering sluit aktiwiteite in soos marksegmentering, keuse van vennote, bemarking en promosie, begroting, kontraksluiting, verspreiding, prysbepaling, verhuur, verkope, konsultasie, ens. Kommersialisering is dus 'n onderafdeling van innovasie.

Konsultasie vs. kontraknavorsing

Konsultasie

Konsultasie vind plaas wanneer 'n personeelid wat toestemming van die Universiteit verkry het om privaat werk te doen, hulle kundigheid op 'n kommissiegrondslag aan 'n derde party beskikbaar stel in ruil vir vergoeding. Tydens konsultasie word kundigheid gewoonlik kreatief aangewend en probleemoplossing kan plaasvind. Hierdie konsultasie vind ook gewoonlik plaas sonder dat daar van die infrastruktuur van die Universiteit of van die Universiteit se ander personelede of studente gebruik gemaak word. Kennis word nie gewoonlik tydens die konsultasie geskep nie, maar word bloot toegepas.

Kontraknavorsing

In teenstelling met bogenoemde word kennis tydens kontraknavorsing geskep. Opdrag vir kontraknavorsing word deur 'n buite-organisasie gegee en die Universiteit se infrastruktuur word gewoonlik gebruik. Ander personeel en/of nagraadse studente van die Universiteit word gewoonlik ook aktief by kontraknavorsing betrek. Kontraknavorsing by of vir 'n buite-organisasie moet ingevolge paragraaf 2.1.4 plaasvind.

Botsing van belange

'n Skeidslyn tussen werknemers se privaat belange en hulle professionele verpligting teenoor die Universiteit op so 'n wyse dat 'n onafhanklike waarnemer redelikerwys kan bevraagteken of die werknemers se professionele optrede of besluite deur oorwegings van persoonlike voordeel, finansiële of andersins, bepaal of beïnvloed word. Dit sluit in optrede, versuim of 'n situasie wat die objektiviteit van 'n werknemer se ontwerp, gedrag of verslagdoening oor 'n projek kan kompromitteer al dan nie. 'n Botsing van belange bestaan wanneer 'n werknemer, 'n direkte familielid of verwante regspersoon van sodanige werknemer

¹⁸ Kaya HO & Iya P *Positioning of North-West University IPR policy within an inclusive IPR and IKS Policy* bl 1 2008.

(byvoorbeeld maatskappy, beslote korporasie of trust) 'n eksterne ekonomiese belang het wat die werknemer se gedrag en verantwoordelikhede by die NWU beïnvloed, of 'n aansporing verskaf om dit te beïnvloed. Met ander woorde, indien 'n werknemer ekwiteit hou in, 'n direkteur is van, 'n bestuursposisie beklee, in enige beherende posisie is vir ekonomiese belang of nie ten opsigte van 'n maatskappy of ander regspersoon wat handelsbande het met die Universiteit, hetsy as verkoper, verskaffer, subkontraakteur, lisensiehouer, lisensiegewer, verlener, navorsingstoekenner of -ontvanger, sal dit as 'n botsing van belange-situasie beskou word. Die beginsel van botsing van belange is dus nie 'n kwessie van werknemers wat nie hulle werk bevredigend doen nie (konflik van toewyding), maar of hulle in 'n posisie is om 'n besluit te neem of te beïnvloed wat hulle persoonlike belange in konflik met dié van die NWU stel.

Sien 'n kopie van die beleid by:

http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/Conflict_of_interest_policy.pdf

Konflik van toewyding

Daar word van werknemers verwag om aan al die vereistes van hulle aanstelling te voldoen, en hulle mag nie toelaat dat buite-aktiwiteite met die uitvoering van hulle NWU-verpligtinge inmeng nie. Konflik van toewyding word gewoonlik maklik omskryf en herken, aangesien dit 'n waarneembare vermindering behels van die werknemer se tyd en energie wat aan NWU-aktiwiteite gewy word. Tyd wat aan buite-aktiwiteite toegeken word, moet herken en in die werknemer se taakprestasie-ooreenkoms met die Universiteit omskryf word.

Ekonomiese belange

Dit sluit in 'n werknemer se belange by die verkryging van aandelebesit, 'n bestuursposisie of direkteurskap, en enige ander vertrouensverhouding (aanspreeklikheid om te beskerm en presteer) ten opsigte van 'n organisasie benewens die NWU. Dit sluit enigets in met 'n geldwaarde of in natura, maar is nie beperk tot salaris, kommissie, fooie, subsidies, toekennings, honoraria, ekwiteitsbelange, intellektuele eiendomsregte, tantièmes of geskenke nie.

Entrepreneur

Entrepreneur is 'n term wat van toepassing is op 'n persoon wat bereid is om 'n nuwe uitdaging of onderneming aan te pak en volle verantwoordelikheid vir die uitkoms daarvan te aanvaar. So iemand word oor die algemeen beskryf as iemand met 'n dinamiese persoonlikheid. 'n Entrepreneur is 'n persoon wat effektief en doeltreffend die vier produksiefaktore kombineer. Hierdie faktore is grond (natuurlike hulpbronne), arbeid (menslike insette in produksie met die beskikbare hulpbronne), kapitaal (enige tipe toerusting wat vir produksie gebruik word, soos masjinerie) en ondernemingsgees (intelligensie, kennis en kreatiwiteit).

Entrepreneur is dikwels sinoniem met stigter. Die term entrepreneur is gewoonlik van toepassing op iemand wat waarde skep deur 'n produk of diens aan te bied. Entrepreneurs het dikwels sterk oortuigings oor 'n markgeleentheid en organiseer hulle hulpbronne effektief om 'n uitkoms te bereik wat bestaande interaksies verander.

Die woord "entrepreneur" is 'n leenwoord uit Frans. Die Franse werkwoord "entreprendre" beteken om te onderneem, met "entre" wat kom uit Latyn, en "tussen" beteken en "prendre" wat beteken "om te neem". In Frans is die uitgang van die werkwoord wanneer 'n persoon die aksie uitvoer "eur", vergeleke met die "er"-uitgang in Engels.

Die Engelse woord “enterprise” is soortgelyk aan die Franse woord “entreprise” wat die verlede deelwoord van “entreprendre” is. “Entrepreneuse” is die vroulik van die Franse “entrepreneur”.

Inheemse kennis

Inheemse kennis verwys na die kennis, innovasie en praktyke van inheemse en plaaslike gemeenskappe regoor die wêreld. Inheemse kennis het ontwikkel uit ervaring wat oor eeue heen verwerf is en by die plaaslike kultuur en omgewing aangepas is, en word mondelings van geslag tot geslag oorgedra. Dit word gewoonlik gesamentlik besit en neem die vorm aan van stories, liedjies, volksoorlewerings, spreekwoorde, kulturele waardes, oortuigings, rituele, gemeenskapswette, plaaslike taal, en landboupraktyke, insluitend die ontwikkeling van plantspesies en diererasse. Inheemse kennis is hoofsaaklik van ’n praktiese aard, veral op gebiede soos landbou, visserye, gesondheid, tuinbou en bosbou.

Industrialisering

Dit is die proses van die voorbereiding en finalisering van ’n idee vir die mark (die verbruiker). Industrialisering steun swaar op stelsel ingenieurwese, en die proses word aan die gang gesit deur die behoeftes van die verbruiker te identifiseer. Die volgende stap in die proses is om die spesifikasies te omskryf en uiteindelik die produk, diens of proses wat aan die verbruiker se behoeftes voldoen, met inagneming van al die moontlike statutêre, veiligheids-, omgewings-, produksie- en verpakkingsvereistes te finaliseer. Industrialisering is ’n baie duur en tydrowende proses en vereis die betrokkenheid van spesialiste. Die intensiteit van die proses sal afhang van die aard van die uitvinding en die vereistes van die mark waarop dit gemik is. Dit is moontlik dat die proses eenvoudig kan wees, maar in die meeste gevalle is dit kompleks.

Innovasie (om iets nuuts te maak)

Innovasie verwys na die skepping van tegnologie (metodes en prosesse) en die gereedskap wat tydens die skeppingsproses benut word. Die hele proses word hier ingesluit, vanaf die oomblik wat die idee geskep is tot by die punt waar dit voltooi of ontplooi word. Die proses bestaan uit ’n reeks subprosesse wat opeenvolgend of gelyktydig kan verloop. Die proses van innovasie behels ’n verskeidenheid wetenskappe en dissiplines en sal altyd uit ten minste drie fases bestaan, ongeag die kompleksiteit van die innovasie. Die drie fases vereis baie spesifieke, en soms teenstrydige, benaderings en moet dus daarmee in gedagte bestuur en uitgevoer word. Die drie fases is:

- die skepping of uitvinding van nuwe idees, metodes of benaderings
- die demonstrasie van die funksionaliteit van die idees en metodes
- die ontplooiing van die idees en metodes (industrialisering, kommersialisering en tegnologie-oordrag)

Die skepping van kuns (’n skildery, beeldhouwerk, ’n kunsfoto, ’n komposisie, ens.) verskil van tegnologiese innovasie deurdat die kunstuk op sigself as ’n artefak beskou word en daarbenewens deur kreatiwiteit gekenmerk word. Die metode waardeur die kunstuk geskep word, kan egter goedsikks tegnologieë innoverend wees.

“Skepping” en “innovasie” het twee dryfkragte, naamlik “dinge kan op ’n beter manier gedoen word” en “ek wil dinge op ’n beter manier doen”. Hierdie fase vind primêr in die navorsings- en eksperimentele aktiwiteite van die universiteit plaas. Laterale en skeppende denke, asook in ’n groot mate vryheid ten opsigte van tyd en proses, word vereis.

Die demonstrasiefase bewys die funksionele werkbaarheid van die idee. Hierdie fase vind ook plaas as deel van die navorsings- en eksperimentele aktiwiteite van die universiteit, maar kundiges van buite word ook dikwels gebruik. Vryheid word in 'n groot mate beperk as gevolg van die feit dat die proses en tydskele wat gebruik word van groter belang is.

Ontploffing verwys na die stelselmatige voorbereiding van die tegnologie om dit vir algemene gebruik beskikbaar te stel. Dit sluit in die gebruik van tegnologie om prosesse te verbeter of om 'n inkomste uit die tegnologie te genereer. In hierdie fase is die proses en tydskele van die uiterste belang en projekbestuur is aan die orde van die dag.

Die drie fases vereis bepaalde benaderings en vermoëns, wat selde by een persoon aangetref word.

Intellektuele kapitaal

Intellektuele kapitaal omvat die somtotaal van intellektuele eiendom en ander vorms van tasbare en ontasbare bates wat gewoonlik binne 'n maatskappykonteks bestaan.

Hierdie ander ontasbare bates sluit in, maar is nie beperk nie tot, die volgende: kapitaal, reputasie, bedryfstelsels, kundigheid, ervaring, handelsgeheime, praktiese kennis, toegang tot markte, toegang tot verspreidingskanale, en gehalteversekering.

Intellektuele eiendom

Vir die doeleindes van hierdie beleid word intellektuele eiendom omskryf as enige nuwe of nuttige proses, masjien, samestelling van stowwe, lewensvorm, vervaardigingsartikel, sagteware, werk met outeursreg daarop, en praktiese kennis en inligting wat met bogenoemde verband hou. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, sulke dinge as nuwe of verbeterde toestelle, kringuitlegte, chemiese verbindings, geneesmiddels, geneties gemanipuleerde biologiese organismes, datastelle, databasisse, sagteware, of unieke en innoverende gebruike van bestaande uitvindings. Innovasies in die sosiale wetenskappe word ook beskou as intellektuele eiendom, mits dit nuut is en maatskaplik en/of ekonomies toegepas kan word. Intellektuele eiendom kan deur wetgewing beskerm word of nie, en kan tasbaar (byvoorbeeld biologiese organismes, plantvariëteite, rekenaarsagteware, ingenieurstekeninge, ens.) of ontasbaar (byvoorbeeld patente, outeursregte, idees, stilswyende kennis, ens.) wees. Daar is breedweg twee tipes intellektuele eiendom – dié wat formele registrasie vereis en dié wat dit nie nodig het nie.

Vorms van IE wat registrasie vereis:

1. *Patent* – 'n toekening deur die patentkantoor aan die skepper van IE vir die reg om ander uit te sluit van die maak, gebruik, of verkoop van hulle skepping of ontdekking. Patente beskerm nie idees nie, slegs strukture en metodes wat op tegnologiese konsepte van toepassing is. Elke tipe patent verleen die reg om ander uit te sluit van 'n presies-gedefinieerde omvang van tegnologie, industriële ontwerp of plantvariëteit. In ruil vir die reg op uitsluiting moet 'n skepper van IE die besonderhede van die skepping of ontdekking volledig aan die publiek bekendmaak sodat ander dit kan verstaan en gebruik om die tegnologie verder te ontwikkel. Om patenteerbaar te wees, moet 'n uitvinding nuut wees, nut hê en verskil van wat opgeleide werkers kan verwag (nie vanselfsprekend nie).

2. *Handelsmerk* – 'n onderskeidende woord, ontwerp of grafiese simbool of kombinasie van 'n woord en ontwerp wat die goedere en dienste van een party van dié van 'n ander onderskei en identifiseer.

3. *Planttelersregte* – eksklusiewe kommersiële regte op 'n geregistreerde plantvariëteit. Die regte is 'n vorm van intellektuele eiendom en word ingevolge die Wet op Planttelersregte van 1976 toegepas. Om vir beskerming in aanmerking te kom, moet 'n plantvariëteit aan drie breë kriteria voldoen, naamlik onderskeibaarheid, eenvormigheid en stabiliteit.

Vorms van IE wat nie registrasie vereis nie (nie geregistreer kan word nie):

4. *Vertroulike inligting* – sluit in handelsgeheime, praktiese kennis of ander inligting wat 'n verpligting van vertroulikheid het. Daar is geen wetgewing beskikbaar om vertroulike inligting te beskerm nie, hoewel gemeneregbeginsels van toepassing is, en beskerming afhang van die verhouding tussen die partye.

5. *Outeursregmateriaal* – verskaf wetlike regte, met inbegrip van maar nie beperk nie tot skriftelike materiaal, kuns-, musiek- en dramawerke, rekenaarprogramme en sagteware, versamelings, films, klankopnames, uitsaaiprogramme, gepubliseerde uitgawes en optredes. Outeursregte verleen 'n eksklusiewe reg aan die skepper van 'n werk om ander daarvan te weerhou om dit te reproduseer, aan te pas, aan die publiek te versprei, dit in die openbaar op te voer of uit te stal. Outeursreg beskerm nie 'n abstrakte idee nie; dit beskerm slegs die konkrete uitdrukking van 'n idee. Om geldig te wees, moet 'n werk met outeursreg oorspronklikheid en 'n greintjie kreatiwiteit hê. Let asseblief daarop dat outeursregte in sommige lande geregistreer kan word.

Skeppers/uitvindings van intellektuele eiendom (IE)

Dit is 'n regsterm wat 'n persoon beskryf wat intellektueel tot die ontstaan van 'n vindingryke idee en/of die toepassing daarvan op die praktyk bydra. Hulle is individue wat beskou word as dat hulle 'n intellektuele bydrae gelewer het tot die skepping en/of ontwikkeling van IE wat uit geborgde navorsing van die NWU voortgespruit het. Dit sluit nie individue in wat slegs die navorsingstake uitgevoer het of materiale verskaf het nie. Skeppers van IE moet van die begin af (gewoonlik as deel van die openbaarmaking van die uitvinding) geïdentifiseer word, en is nie noodwendig dié wat as skrywers van 'n wetenskaplike publikasie aangedui word nie. Om wetlik erken te word, moes 'n mede-uitvinder 'n noodsaaklike element van die uitvinding uitgedink het of noemenswaardig tot die algemene konsep bygedra het.

Bemagtigers van intellektuele eiendom (IE)

Hulle is die assistente, tegnisi en ander individue wat indirek bygedra het tot die skepping van intellektuele eiendom wat uit geborgde navorsing van die NWU voortspruit, en sonder wie se intellektuele of praktiese bydrae kommersiële toepassing nie moontlik sou wees nie.

Intellektuele eiendomsregte

Dit verwys na intellektuele eiendom soos dit hierbo omskryf is, waarvan die eksklusiewe eiendomsreg, met die meegaande regte en verpligtinge, wettig aan 'n natuurlike of regspersoon (maatskappy, trust, instelling) behoort. Sodanige eienaar kan 'n ander party lisensieer om van die intellektuele eiendom gebruik te maak, maar die eienaar behou die eienaarskap.

Bestuur van IER

'n Proses waardeur uitvindings wat uit navorsing of eksperimentering voortspruit, bekendgemaak, ontleed en gepatenteer (of deur middel van minder gebruiklike vorms van wettige registrasie beskerm) word om 'n stewige regsgrond vir kommersialisering en tegnologie-oordrag te vorm. Dit sluit in die bestuur van alle IE-verwante kwessies in 'n kontrak wat uit kommersialisering voortspruit.

Uitvinding

'n Nuwe en nuttige idee wat met IE-prosesse, masjiene, vervaardigers en samestellings van stowwe verband hou. Dit kan sulke dinge soos nuwe of verbeterde toestelle, stelsels, stroombane, chemiese verbindings, mengsels ens. dek. Die term "uitvinding" sluit ook in alle uitvindings in die mate wat dit nie gepatenteer of geregistreer is nie, maar eerder as vertroulike kennis beskerming verkry. 'n Ontdekking is nie 'n uitvinding nie. 'n Uitvinding word waarskynlik gemaak wanneer iets nuut en nuttig geskep of ontwikkel word, of wanneer ongewone, onverwagte, of nievanselfsprekende resultate verkry en benut kan word. 'n Uitvinding kan die produk wees van 'n enkele individu of 'n groep individue wat aan 'n projek saamgewerk het.

Opdrag vir uitvinding

'n Ooreenkoms met die NWU wat deur uitvindings as voorwaarde van indiensneming en by bekendmaking van hulle innovasie aan die NWU se TOIS-kantoor gesluit word. Innoveerders stem in om eienaarskap van innovasies en intellektuele eiendomsregte op innovasies wat met gebruik van NWU-hulpbronne gemaak is, aan die NWU oor te dra.

Lisensiëringsooreenkoms

'n Wettige kontrak tussen die NWU en 'n ander entiteit (dikwels 'n maatskappy) wat die gebruik van 'n NWU-innovasie toelaat volgens ooreengekome bepalings en voorwaardes wat ooreenstem met die doelwitte van die innoveerder en by die aard en ontwikkelings stadium van die innovasie inpas.

Lisensiehouer

Enige maatskappy, nuwingsgewende organisasie, of individu wat 'n NWU-innovasie vir hulle eie gebruik lisensieer of die innovasie kommersieel in 'n produk of diens ontwikkel.

Lisensiëringsinkomste

Inkomste soos tantièmes, tegnologiegedelde of enige ander vorm van betaling vir die reg om NWU-IE deur middel van die lisensiëring van NWU-innovasies te gebruik. Dit word deur die NWU se TOIS-kantoor aan innoveerders, hulle kollegas/departemente/laboratoriums, en aan die NWU se navorsingsfondse, uitgekeer. Tantièmes word gewoonlik gegrond op bruto of netto inkomste wat deur die lisensiehouer gegenerer word.

MOO (materiaaloorragooreenkoms)

Materiaaloorragooreenkoms (MOO's) is kontrakte wat die oordrag van bepaalde navorsingsmateriale na en uit die NWU dek.

NDA (nie-openbaarmakingsooreenkoms)

'n Regsdokument vir die beskerming van handelsinligting.

Netto inkomste

Bruto tantièmes of inkomste minus administratiewe, lisensiërings-, regs- en ander verwante onkoste.

Oopbronsagteware

Verwys na sagteware wat ontwikkel, getoets, of verbeter word deur openbare samewerking en versprei word met die idee dat dit met ander gedeel word en in die toekomst oop samewerking verseker. Die onderliggende programmeringskode (die bronkode) van oopbronsagteware word beskikbaar gestel deur middel van 'n lisensie wat aan gebruikers die vryheid van toegang gee en om die program te wysig en vir enige doeleindes

te loop, en om kopieë van óf die oorspronklike óf die gewysigde program te herversprei sonder om aan die vorige ontwikkelaars tantièmes te betaal.

Patent

'n Patent vir 'n uitvinding is die toekenning van 'n eiendomsreg deur die regering, wat die patenthouer toelaat om ander uit te sluit om aan die uitvinding te “werk”: die maak, gebruik, aanbied vir verkoop, of verkoop van die uitvinding in die RSA, of om die uitvinding in die RSA “in te voer”.

PSV (Patentsamewerkingsverdrag)

Dit is een van ses internasionale verdrae wat as wêreldwye beskermingstelsels geklassifiseer is. Dit is 'n internasionale patentwetverdrag wat 'n doeltreffender, eenheidsprosedure is vir die indien van patentaansoeke verskaf. Die lande wat deel is van hierdie verdrag (hierna die “kontraklande” genoem) vorm 'n unie van samewerking vir die indiening, soek en ondersoek van aansoeke vir die beskerming van uitvindings, en vir die lewering van spesiale tegniese dienste. Die unie staan as die Internasionale Patentsamewerkingsunie (*International Patent Cooperation Union*) bekend.

Publieke openbaarmaking/publikasie

Enige openbare skriftelike en mondelinge diskoers wat 'n innovasie of slegs 'n gedeelte daarvan, en selfs nie in besonderhede nie, beskryf. “Publikasie” word breedweg geïnterpreteer om vaktydskrifartikels, plakkate, skyfies, praatjies, konferensie-aanbiedings, opsommings op die web, tesisse en verhandelings wat tot die publiek se beskikking is, en besprekings met korporatiewe navorsers en maatskappypersoneel in te sluit.

Openbare domein

Die status van innovasies wat nie deur 'n patent of outeursreg beskerm word nie. Innovasies in die openbare domein kan deur enigeen gebruik word.

Navorsing

Die skepping, bewaring, akkumulering en verbetering van kennis deur middel van wetenskaplike ondersoeke en metodes op die gebied van die mediese en verwante wetenskappe, asook daardie wetenskappe waarvan die toepassing vir die bevordering van gesondheid of die stryd teen siekte belangrik is, en die verkryging, ontwikkeling en oordrag van kundigheid en tegnologie insluit, en “navorser” het 'n ooreenstemmende betekenis (soos in die Wet op die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (Wet No. 58 van 1991) omskryf word).

Navorsingsmateriale

Materiale wat in navorsing gebruik word en tussen akademiese instellings en korporasies of nuwingsgewende instellings uitgeruil kan word. Dit sluit alle sellulose, proteïene, transgeniese diere, en chemiese verbindings in.

Reg van eerste weiering

Wanneer A aan B 'n reg van eerste weiering aanbied, is A nie verplig om te verkoop nie, maar indien hulle wil verkoop, moet B voorkeur kry, en indien A 'n aanvaarbare aanbod van C ontvang, moet die eiendom eers vir B aangebied word teen die prys wat A van C kan kry (*Hiemstra & Gonin, Juta, 1986*). Indien A aan B 'n opsie toegeken het, is A egter verplig om te verkoop.

Toevallige kennis

Toevallige kennis verwys na alle uitvindings, ontwerpe en kundigheid, of dit registreerbaar is as intellektuele eiendomsregte of nie, wat nie redelikerwys voorsien kon word deur die prinsipaal of die personeelid betrokke by die werk wat opgedra is nie, hetsy dit konsultasie of navorsing is. 'n Tipiese voorbeeld is waar 'n

personeelid opdrag ontvang om kliniese proewe op 'n nuwe verbinding uit te voer, en dan toevallig en buite die omvang van die opdrag ontdek dat die aktiewe verbinding ook 'n ander siekte kan genees.

Sagteware

Stelle instruksies of data wat vir 'n rekenaar sê wat om te doen. Sagteware word dikwels in twee kategorieë verdeel: stelselsagteware, wat die bedryfstelsel insluit (byvoorbeeld Windows 95, MacOS), en alle nutsprogramme wat die rekenaar in staat stel om te funksioneer; en toepassingsagteware, wat programme insluit wat spesifieke take verrig (byvoorbeeld woordprosesseerders, sigblaaie en databasisse).

Geborgde navorsing

Navorsing, opleiding en instruksionele projekte waarby fondse, materiale of ander vergoeding van buitebronne volgens ooreenkomste tussen die borg en die NWU betrokke is.

Taakprestasie-ooreenkoms

Werknemers en die bestuur kom jaarliks ooreen oor die take en uitset wat van werknemers verlang word om die oorkoepelende doelwitte van die Universiteit te bereik. Enige potensiële konflik van toewyding en botsing van belange moet deur aanvaarbare reëlings in die taakprestasie-ooreenkoms opgelos word.

Tegnologie

Volgens Van Wyk, RJ, is tegnologie geskepte bevoegdheid soos dit in toestelle, prosedures en verworwe menslike vaardighede gemanifesteer word. Tegnologie weerspieël dus *hoe* dinge gedoen word, eerder as *wat* gedoen word. Tegnologie hanteer nie net die voorwerpe of hardeware self nie, maar ook metodes en prosesse. Die voorwerp of stuk hardeware word egter deur 'n proses (tegnologie) geskep en in ander prosesse gebruik. Alle mense is by tegnologie betrokke. Die metodes vir onderrig, die doen van navorsing en die skryf van artikels is alles voorbeelde van tegnologie.

Die ontwikkeling en ontplooiing van tegnologie is om die lewe (en werk) makliker te maak deur metodes wat inspanning, risiko, koste, stres, en intellektuele inspanning beperk. Tegnologie verwys dus na die vervanging, vereenvoudiging of uitbreiding van die mens se vermoë, naamlik die fisiese, motoriese en intelligensiefunksies.

Die term "tegnologie" moenie outomaties met die term "tegnies" geassosieer word nie. Tegnologie kan in enige wetenskap ontwikkel word, byvoorbeeld geesteswetenskappe of natuurwetenskappe.

Tegnologie-oordrag (sien ook innovasie)

Dit is 'n onderafdeling van industrialisering en kommersialisering waar groot klem vereis word om die tegnologie of intellektuele eiendom in 'n verkoopbare vorm wat vir die mark gereed is, om te skakel. Dit hanteer twee belangrike prosesse langs mekaar:

- a. Eerstens verwys industrialisering na die proses om die tegnologie of intellektuele eiendom vir die mark voor te berei. Industrialisering steun swaar op stelsel ingenieurwese, en die proses word aan die gang gesit deur die behoeftes van die verbruiker te identifiseer. Die volgende stap in die proses is om die spesifikasies te omskryf en uiteindelik die produk, diens of proses wat aan die verbruiker se behoeftes voldoen, te finaliseer, met inagneming van al die moontlike statutêre, veiligheids-, omgewings-, produksie- en verpakkingsvereistes. Industrialisering is 'n baie duur en tydrowende proses en vereis die betrokkenheid van spesialiste. Die intensiteit van die proses sal

afhang van die aard van die uitvinding en die vereistes van die mark waarop dit gemik is. Dit is moontlik dat die proses eenvoudig kan wees, maar in die meeste gevalle is dit kompleks.

- b. Tweedens verwys kommersialisering na die proses wat gevolg word om die mark voor te berei vir die tegnologie of intellektuele eiendom soos onder 7 hierbo omskryf.

Die Universiteit het 'n verpligting om sy navorsingsresultate te kommersialiseer. Tegnologie-oordrag vereis gedissiplineerde projekbestuur waar aflewering betyds, volgens opdrag en binne die begroting noodsaaklik is.

Tegnologieoordrag en innovasiesteun (TOIS)

Die TOIS-kantoor bestuur en koördineer alle sake wat met tegnologieoordrag en innovasiesteun van die NWU verband hou, binne die beleide van die NWU, soos die kontrakbestuurbeleid.

Handelsgeheim

Tegniese/handelsinligting of kundigheid wat dikwels aan die publiek onbekend is, word geheim gehou en het ekonomiese waarde vir die besitter daarvan. Handelsgeheime kan bestuur deur die NWU noodsaak.

Handelsmerk

'n Woord, frase, simbool of ontwerp, of 'n kombinasie van woorde, frases, simbole of ontwerpe, wat die bron van die goedere van een party (soos 'n vervaardiger of verkoper) van dié van ander identifiseer en onderskei.

USPTO (United States Patent & Trademark Office)

Die Amerikaanse agentskap wat aan uitvindings sakeondernemings patente vir hulle uitvindings uitreik, en handelsmerkregistrasie vir die identifikasie van die produk en intellektuele eiendom verskaf.

7.2 AANHANGSEL B: Bronnelys

Wette

Biodiversity Act, 10 van 2004

Wet op Mededinging, 89 van 1998

Wet op Outeursreg, 98 van 1978

Wet op Nagemaakte Goedere, 37 van 1997

Wet op Modelle, 195 van 1993

Intellectual Property Rights from Publicly Financed Research and Development Act, 51 van 2008

Die Wet op Patente, 57 van 1978

Wet op Planttelersregte, 15 van 1976

Wet op Handelsmerke, 194 van 1993

NW Universiteit se beleide en planne

Beleid oor die generering en goedkeuring van beleide, 22/06/2007;

Beleid oor botsende belange, 24/11/2006;

Riglyne vir patentering en die kommersialisering van navorsingsuitsette Maart 2005;

'n Konsep-/tussentydse dokument oor riglyne/kontroles vir finansiële transaksies en uitbreiding van die finansiële beleid, 22/02/2008;

Diensvoorwaardes,

Handleiding vir Nagraadse Studies, 18/06/2004 bygewerk 01/2008.

Vergoedingsbeleid, 23/09/2005.

Prestasiebestuursbeleid, 06/12/2005.

Beleid vir bestuur van navorsings- en innovasiekontrakte, 20/06/2008

Aanhangsel: Magtigingsvlakke (Tekenmagte).

Institusionele Plan 2008-2010.

Beleid oor Kortkursusse, 31/08/2005.

Navorsings- en Innovasiebeleid, 23/11/2007.

Implementering van Kundigheid en Kommersialisering aan die NWU; Julie 2008.

Noordwes-Universiteit: Institusionele Plan 2008-2010.

Nie-amptelike dokumente

Commercialization strategy and proposal summary, F van Niekerk, 24/07/2008;

POLICY: Functioning of the Faculty of Health Sciences of Health Sciences Commercialization Committee.

TITLE: Conflict of Interest during Commercialization, 03/07/2008.

Vergoeding aan student; Fisika; geen datum.

Gemeenskapsprojekte,

Ander beleide

Australian Vice-Chancellors Committee, Ownership of Intellectual Property in Universities, Policy and Good Practice Guide, 2002.

Kaya HO & Iya P Positioning of North-West University IPR policy within an inclusive IPR and IKS Policy 2008.

MNR Beleid oor Intellektuele Eiendom 2004

Beleid oor Benutting van Intellektuele Eiendom Universiteit van Stellenbosch 2004.

Artikels en boeke

AUTM *Technology Transfer Practice Manual* Vol 1, 2 & 3, 2008.

EU, *Guide to Intellectual Property Rules for FP7 Projects* weergawe 28/06/2007

Krattiger A, *et al*, *Intellectual Property Management in Health and Agricultural Innovation*. Vol 1 & 2 & Executive guide. MIHR & PIPRA 2007.

WIPO, *Intellectual Property for Business series*: number 4 2008

Ander universiteite

Pittsburgh Universiteit

Universiteit Stellenbosch

Universiteit van Australië

Universiteit van Pretoria

Universiteit van die Sonderskynkus

Universiteit van Virginia

Universiteit van Washington

Oorspronklike gegewens: Johan Coetzee(10935746) C:\Users\10935746\Desktop\Beleide\Raad Junie 2012\Beleid oor die bestuur van intellektuele eiendomsreg by die NWU.docm
22 Oktober 2013

Verwysingsnommer: 1P/1.1.10